
# JESUS SÊ WAT?!



KEYS to LIFE

SLEUTELS tot LEWE

Jesus

# Voorwoord

# *Jesus sê wat?!*

Om die Here Jesus te volg is nie maklik nie.

Hy het uitsprake gemaak waarin die eise tot navolging vir ons op die oog af dikwels onmoontlik en onuitvoerbaar lyk. Moet ‘n mens jouself vermink *(“As jou hand jou laat struikel, kap hom af”)* of jou vyande liefhê *(“Ek sê vir julle julle moet julle vyande liefhê”)* of nooit foutvind nie *(“Moenie oordeel nie”)*?

Tog sit daar agter elkeen van hierdie uitsprake van Jesus die wonderlikste *sleutels tot lewe.* Hulle maak nie alleen die lewe moontlik nie, hulle is geheime wat ‘n sinvolle lewe en goeie verhoudinge vir ons ontsluit.

Hierdie boekie is ‘n handleiding om gelowiges te help in ons nadenke oor Christenskap en konsekwente navolging van Jesus. Dis wonderlik opwindend.

Die boek van Victor Kuligin, *Ten Things I Wish Jesus Never Said* het 24 predikante van verskillende kerke geïnspireer om bymekaar te kom, hierdie waarhede te oordink en die reeks te skryf wat jy hier in jou hande hou.

Ons gebed is dat die kerk van Jesus Christus sal ontwaak om weer met nuwe erns, die soms moeiliker uitsprake van Jesus te oordink en uit te leef.

Mag jy in die lees van die dagstukkies en die gesprekke in die groepe deur die wonderlike Gees van Jesus aangeraak word en mag daar nuwe paaie in jou geloofslewe oopgaan.

Mag Jesus verheerlik word deur wat hier gebeur.

Ds Gerrie Doyer

KEYS to LIFE
SLEUTELS tot LEWE
Jesus





# Jesus sê WAT?!!!

KEYS to LIFE
SLEUTELS tot LEWE
Jesus

## Eish! Ek wens ek het dit nooit gehoor nie…

| | |
|---|---|
| Sondag 21 Julie (Inleiding Sondag) | **Week 1: Die sleutel tot arm-van-gees wees**<br>*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is...* |
| Sondag 28 Julie | **Week 2: Die sleutel tot verbintenis (commitment)**<br>*Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.* |
| Sondag 4 Augustus | **Week 3: Die sleutel tot 'n rein lewe**<br>*As jou regterhand jou laat struikel, kap hom af...* |
| Sondag 11 Augustus | **Week 4: Die sleutel tot selfverloëning**<br>*As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.* |
| Sondag 18 Augustus | **Week 5: Die sleutel tot swaarkry-vir-Jesus**<br>*Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg...* |
| Sondag 25 Augustus | **Week 6: Die sleutel tot liefde vir jou vyand**<br>*Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê...* |
| Sondag 1 September | **Week 7: Die sleutel tot die vermoë om te kan vergewe**<br>*As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.* |
| Sondag 8 September | **Week 8: Die sleutel tot 'n positiewe gees**<br>*Moenie oordeel nie...* |
| Sondag 15 September | **Week 9: Die sleutel tot egte godsdiens**<br>*Nie elkeen wat vir My sê: "Here, Here," sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie...* |

# sleutels as julle hierdie sien, moet die groep:

| | | |
|---|---|---|
|  | **Mens tot Mens** | Hoor hoe dit met mekaar gaan deur die vrae te beantwoord. |
|  | **Mens tot God** | Tyd om God te loof en te prys en sy Naam groot te maak. |
|  | **God tot Mens** | Kyk die DVD<br>Vind as groep uit wat God vir julle sê. |
|  | **Mens tot Medemens** | Nou is dit tyd om te bid en mekaar te seën vir die week wat kom. |
|  | **Skriflesing** | Tyd om die Woord te lees. Bid saam dat God die Woord sal oopmaak. |
|  | **Vrae** | Ons leer die Woord beter ken deur vrae te bespreek. |

# WEEK 1
# Sondag 21 Julie

# Die Sleutel tot Arm-van-gees wees

**<u>Die wêreld sê</u>:** Wees uitdagend, wees sterk, vol selfvertroue.

**<u>Jesus sê</u>:** Leef afhanklik-nederig voor God.

- Wat is die mooiste ding wat iemand nog ooit vir jou gedoen het? Wat het jy beleef?
- Partykeer is dit moeilik om dinge toe te pas wat Jesus gesê het. Vertel vir die groep watter een jy spesifiek moeilik vind. Hoekom?

Sing 'n lied wat vertel van julle afhanklikheid van die Here. Weerspieël dieselfde afhanklikheid in 'n gebed tot die Here.

Speel die DVD

Lees nou Lukas 9:23-25 en Matteus 5:3

*Om Jesus te volg*

(Matteus 16:24-28, Markus 8:34-9:1)

23 Toe het Hy vir almal gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis dra en My volg, 24 want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou. 25 "Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan?"

Matteus 5:3

3 "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

1. Wat dink jy beteken dit om *arm van gees* te wees? Of, soos die Nuwe Afrikaanse Vertaling sê *"...wat weet hoe afhanklik hulle van God is."*


2. Vertel van 'n voorval toe jy totaal afhanklik van God was.



3. In Jesaja 66:2b staan daar: *"Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord."* In Engels lui dit so: *"This is the one I esteem: he who is humble and contrite in spirit, and trembles at my word."*

   Wat sê hierdie vers oor hoe ons verhouding met die Here moet wees?

4. Watter eienskappe soek God in ons in die lig van ons skrifgedeeltes?



- Praktiese toepassing: Vra God hoe jy iemand kan seën voor volgende Sondag. Doen dit dan!

- Skryf hier 'n gebed neer waarin jy die Here antwoord op dit wat Hy in hierdie sessie vir jou gesê het.



Een van die duidelikste maniere waarop ons ons afhanklikheid en nederigheid kan toon is deur te **kniel.** Kniel nou as groep voor die Here en verklaar julle afhanklikheid van Hom in gebed.

**Maandag 22 Julie** **Lees Efesiërs 3:13-21**

## Gekneus om God se geur te versprei

**Teks:** Jesaja 66:2[b] Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.

God is op die uitkyk vir mense wat berouvol en nederig met eerbiedige ontsag is.

*"Berouvol"* beteken om te breek of gekneus te word; af te skaaf of weg te slyt. Dus, gebroke as gevolg van sonde; diep getref deur droefheid en spyt omdat jy God te na gekom het; boetvaardig, soos 'n berouvolle sondaar.

**Jesaja 53:5** *Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.*

Wanneer ons Jesus se merkwaardige liefde vir ons ervaar, maak ons die keuse om leeg te word van onsself en beskikbaar te wees om met die volheid van God gevul te word (Efesiërs 3:19). Dis dié soort mense waarvoor God op die uitkyk is — mense wat nederig van hart is, wat Jesus die Here van hulle lewens gemaak het. Baie mense is tevrede om die wonderlike vryheid wat verlossing bring, te aanvaar, maar nie baie is bereid om die pad van nederigheid en gehoorsaamheid waarvoor God op die uitkyk is, te loop nie. Oorgawe is die sleutel. Vra God om jou te wys of enige iets in die pad van jou totale oorgawe aan Hom staan. Gee hierdie dinge aan Hom oor en laat Hom toe om Here van jou lewe te wees. Maak gereed vir 'n opwindende reis met dié Een wat jou beter ken as wat jy jouself ken en jou meer liefhet as wat jy ooit kan begryp.

**Gebed:** Liewe Here, ek het U lief en wil U met my hele hart dien. Wys my asseblief as ek myself terugplaas op die troon van my lewe en help my om myself geheel en al oor te gee aan U. Laat my lewe 'n welriekende offer aan U wees. Amen.

**Dinsdag 23 Julie** **Lees 2 Korintiërs 12:1-10**

## Jou swakheid

**Teks:** 2 Korintiërs 12:9 en 10 [9]Sy antwoord was: *"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."* Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. [10]Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

Wanneer ons 'n probleem in die gesig staar, is ons geneig om op die probleem te fokus en spandeer ons ons tyd om te probeer om maniere te vind waarop ons dit met ons eie menslike, aardse hulpbronne kan hanteer. Ons word besig gehou en neergedruk deur die probleem terwyl ons, dikwels desperaat, na 'n oplossing soek. Soms kan ons selfs vir God blameer omdat Hy ons nie te hulp gekom het nie, ten spyte daarvan dat ons *"daarvoor gebid"* het.

Intussen het ons onsself toegelaat om so angstig te raak, dat al wat ons eintlik gedoen het, was om God te vra vir 'n *"rubberstempel"* op óns plan om die probleem te hanteer. In plaas daarvan om op ons eie krag (bronne) staat te maak, moet ons leer om ons lewensprobleme aan die Almagtige God oor te gee en op sy wysheid en krag staat te maak om die regte oplossing te vind. Dit beteken dat ons moet leer om ons eie wil aan sý wil en plan oor te gee.

Slegs wanneer ons die struikelblok van ons "eie ek" uit die weg ruim, sal ons ten volle beskikbaar wees om deur die Here gebruik te word sodat Hy, en nie ons nie, die eer kry. Dus, is ek sterk wanneer ek ten volle op God vertrou, maar swak wanneer ek net op my eie bronne vertrou.

**Gebed:** Liewe Here, help my asseblief om U eerste te stel in alles sodat ek, in plaas daarvan om op my eie vermoëns te vertrou, voortdurend myself aan u plan toewy en u stem sal hoor en gehoorsaam. Amen.

**Woensdag 24 Julie** **Lees Lukas 18:9-14**

## Dié op wie neergesien word

Ons hou regtig niks daarvan as ons voel dat iemand op ons neersien nie. Tog, soos die Fariseër in hierdie verhaal, kom ons dikwels agter dat ons op mense wat anders is, of in 'n laer finansiële posisie as ons is, neersien. Soos die Fariseër kan ons regverdig waarom ons dink dat ons beter as ander is. Wat sê die Bybel daarvan as ons dink dat ons beter as ander is?

Eerstens sê die Bybel dat as jy dink dat jy beter as iemand anders is, word jy mislei. *"As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself."* Dit gaan voort deur te sê dat ons eers na onsself moet kyk, eers die balk uit ons eie oog moet haal voordat ons probeer om die splinter uit die ander persoon se oog te verwyder. In der waarheid sê die Woord dat ons ons broers en susters hoër as onsself moet ag. Met ander woorde hulle en hulle behoeftes bokant ons s'n moet plaas.

Tweedens, om op iemand neer te sien, blote hoogmoed. Hierdie hoogmoed verhef ons bokant die ander persoon. Hoogmoed is iets wat God haat. Dit was as gevolg van hoogmoed dat die Satan gedink het dat hy beter as die ander engele is en dat hy homself tot God se status kon verhoog. Dit het tot sy val gelei.

Die boodskap in die gelykenis van die Fariseër en die belastinggaarder word baie duidelik gestel wanneer Jesus sê: *"...want elkeen wat homself verhoog sal verneder word, maar dié een wat homself verneder, sal verhoog word."*

Kyk hoe die Boodskap dit stel, *"as jy met jou neus in die lug loop, gaan jy plat op jou gesig beland, maar as jy daarmee tevrede is om eenvoudig jouself te wees, sal jy groter as jouself word."*

**Gebed:** Here vergewe my omdat ek so hoogmoedig is en dink dat ek beter as ander is. Ek wil graag 'n nederige houding teenoor ander uitstraal en hulle met u liefde liefhê. Amen.

**Donderdag 25 Julie** **Lees Lukas 14:7-11**

## Die regte gesindheid

**Teks:** Lukas 14:8, 9, 11 [8]*" As iemand jou na 'n bruilof toe uitnooi, moet jy nie sommer op die voorste plek gaan sit nie. Dit kan net wees dat die gasheer iemand uitgenooi het wat belangriker is as jy.*
[9]*Dan sal hy wat julle albei uitgenooi het, na jou toe kom en sê: 'Gee bietjie die plek af vir hierdie man.' Jy sal dan tot jou skande die agterste plek moet gaan inneem.* [11]*Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word."*

Koninkryksgerig in 'n wêreld wat glo in die *"oorlewing van die sterkste?"* Is ons enigsins anders in die kerk? Hoe voel ons wanneer ons die kerk binnestap net om iemand op *"ons"* plek te sien sit? Petrus en Jakobus wou ook verhoog word en het vir Jesus gesê : *"Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand"* (Markus 10:37).

Om jouself met ander te vergelyk, is 'n duidelike teken van die *"verkeerde gesindheid."* Sodra ons onsself met ander vergelyk… behoort 'n rooi waarskuwingslig aan te gaan! Dalk is een probleem dat ons mekaar nie hoog genoeg ag nie. Ons is meer geneig om te kritiseer as om eer aan ander te gee. Dit veroorsaak dat die ander kwesbaar voel en vir aanvaarding soek.

Waarvandaan kry ons aanvaarding? Mense sal ons die een of ander tyd teleurstel, maar as ons Jesus toelaat om ons bron van bemoediging te wees en Hom met ons diepste behoeftes vertrou, sal Hy ons nooit in die steek laat nie. Hy sal ons nooit met iemand anders vergelyk nie omdat Hy ons volgens 'n unieke patroon vir 'n unieke doel gemaak het. Waarom móét ons dan beter as ander wees? Ons moet net wees wie Hy geskep het en ander aanmoedig om dieselfde te doen.

**Gebed:** Liefdevolle Vader, vergewe my asseblief vir dié kere wat ek myself verhoog het. Help my asseblief om meer aan te moedig en minder te kritiseer. Amen.

**Vrydag 26 Julie** **Lees Romeine 12: 1-16**

## Nie meer as wat jy behoort te dink nie...

**Teks:** Romeine 12:3 Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.

Hierdie Skrifgedeelte praat oor beskeidenheid. Die skrywer begin met die erkenning dat as dit nie vir God se genade was nie sou hy nie, sy lesers hieroor kon aanspreek nie.

Is dit nie interessant hoe maklik ons onsself met ander vergelyk nie? Ons mag byvoorbeeld minderwaardig voel teenoor iemand wat beter gekwalifiseerd of regtig ‘n goeie verkoopsman met baie geld is, of ons kan ons bors uitstoot omdat ons beter ouers is of ‘n duurder motor as iemand anders bestuur.

Houdings van minderwaardigheid of meerderwaardigheid het dieselfde oorsprong, trots. Die Bybel waarsku dat: Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val (Spreuke 16:18).

Romeine 12:3 waarsku daarteen dat ons onsself uit verwaandheid met ander sal vergelyk. Ons moet onsself liewers realisties met ons siening van die Almagtige God vergelyk. Hoe groter ons geloof in God is, hoe meer besef ons hoe ver ons tekort skiet van die beeld waarna Hy ons geskape het.

As ons onsself “beter” as ander beskou, waag ons om te suggereer dat God ’n fout met hulle gemaak het. As ons onsself toelaat om minderwaardig te voel, suggereer ons dat God ‘n fout met ons gemaak het. God is volmaak. Hy maak nie foute nie en Hy het alle mense na sy beeld gemaak!

**Gebed:** Hemelse Vader, dankie dat U my na u beeld geskape het. Help my om nederig te wees en ander en myself te sien soos U ons sien. Amen.

**Saterdag 27 Julie** **Lees Filippense 2:5-11 en Jakobus 4:10**

## Onderwerp jouself in nederigheid

**Teks:** Jakobus 4:10 Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

Nederigheid is ‘n begrip wat ons sukkel om in vandag se lewe toe te pas. Inderwaarheid is die standaard wat vandag in die media gestel word in absolute kontras met nederigheid. Die lewe gaan oor *“Ek, my, myself”*, en niemand anders nie. Die vraag wat die heel meeste gestel word is: *“wat kan ek daaruit kry?”* As ek nie daardeur bevoordeel word nie, gaan ek nie daaraan deelneem nie. Die Bybel sê: *“Julle moenie aan die sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe”* (Romeine 12:2).

Jesus het nederigheid op ‘n wonderlike manier gedemonstreer. Die Seun van God, wat God is, en by die skepping betrokke was *(“Alles het deur Hom tot stand gekom” (*Johannes 1:3), wat die voorwerp van aanbidding in die hemel was, het Homself verneder en ‘n saadjie in die moederskoot van iemand wat Hy geskape het, geword. Hy het soos ons geword sodat Hy die lewe op dieselfde manier as ons kon ervaar. Hy is in elke opsig net soos ons versoek, maar het nie gesondig nie. Hy het Homself niks gemaak nie, die gestalte van ‘n dienskneg aangeneem en Homself verneder deur gehoorsaam te word tot in die dood, selfs aan die kruis.

Jakobus sê dat ons onsself moet verneder, dit is ons verantwoordelikheid, nie God s’n nie. Jesus het gesê dat Hy die wynstok en ons die lote is. Die lote is heeltemal afhanklik van die wynstok om te groei en vrug te dra. Om onsself te verneder, beteken dat ons van Jesus afhanklik is, in die besef dat *“ons sonder Hom niks kan doen nie.”* Dit is wanneer ons onsself verneder voor die Heerskappy van Christus, sy koninkryk eerste soek en vind, dat alles wat ons vir die lewe benodig, bygevoeg word.

**Gebed:** Here, ek neem vandag die besluit om myself te verneder en aan u Heerskappy en wil oor te gee. Amen.

# WEEK 2
# Sondag 28 Julie

# Die Sleutel tot Verbintenis (Commitment)

**Die wêreld sê:** Moenie jouself enigsins verbind nie. Leef vry!
**Jesus sê:** Leef absoluut toegewy aan My en my saak.

- Vertel vir mekaar van iemand waarvan jy weet wat baie opofferings moes maak om `n persoonlike doelwit te bereik. Dalk `n voorbeeld uit jou eie lewe of uit `n film oor `n ware verhaal.
- Wat beteken dit as jy sê: *"Ek is verbind (committed) om iets te bereik of te doen"?*

Nou is daar 'n heerlike geleentheid om God te loof en te aanbid. Laat iemand 'n lofgebed voor en na die liedere bid.

Kyk na die DVD en lewer enige kommentaar daarop. Wat het julle getref?

**Lees nou Romeine 12:11**

"Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here".

**Eksodus 20:4-5**

"Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My."

1. Wat tref jou van die gedeelte of waaroor praat die Here met jou?

2. Voltooi die sin: *"Hoe kan Jesus van my verwag om nie in my toewyding te verslap nie terwyl ek ..."*

3. Hoe belangrik dink jy is dit vir die Here dat ons toegewyd aan Hom moet lewe? Is dit vir Hom `n geval van *"alles of niks"?*

4. Watter dinge maak dat gelowiges in hulle toewyding aan God verslap?




5. Kyk na die woord *“geesdriftig”*. Wat sê dit vir ons oor die oorsprong en volhoubaarheid van ons toewyding?

6. Watter seën is daarin om toegewyd aan die Here te lewe?

7. Vergelyk Romeine 12:11 met Openbaring 3:15-16. Wat het met Laodisea gebeur en wat sê dit vir ons?


8. Wat het jy vandag geleer en besluit? Skryf dit hier in ‘n gebed neer.

Hoe kan mens iemand anders benader wat in sy/haar toewyding verslap het?



**Geleentheid vir gebed:**

Kyk ook na ons gemeente se gebedsbehoeftes en ander persoonlike behoeftes van die groep.



**Maandag 29 Julie** **Lees Johannes 19:28-37**

## Jesus se verbintenis *("commitment")*

**Teks:** Johannes 19:30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: *"Dit is volbring!"* Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

*"Om die Goeie Nuus te hoor, is die begin, die res van jou lewe is jou reaksie daarop."* (William Countryman)

*"Daar is net twee dinge wat ons met die Evangelie moet doen: Glo dit en Leef dit."* (Susanna Wesley)

Die gedeelte spel vir ons Jesus se *"commitment"* uit. Hy het nie teruggedeins toe sy lewe bedreig is nie. Hy het die Vader se opdrag tot die einde uitgevoer. Jesus se *"commitment"* het sy lewe gekos. Jesus het die hemel verlaat, op aarde kom leef in die gestalte van 'n slaaf sodat ons vrygespreek kon word. As mens het Hy honger, koud en moeg geword maar dit het Hom nie verhinder om enduit te volhard nie.

Hy het dit vir jou gedoen en nou is die vraag: Hoe sterk is jou verbintenis aan Jesus? Omdat Jesus vasberade en gehoorsaam was om die mens van die Vader se liefde te oortuig, vra Hy 'n totale oorgawe en toewyding aan Hom.

Jy is kosbaar; daarom het God met sy bloed duur betaal om jou aan Hom te verbind. Kies vandag weer opnuut om met jou alles aan Hom verbind te wees tot die einde.

**Gebed:** Jesus dankie vir u "commitment" om my te red. Heilige Gees gee my dieselfde gesindheid om in Jesus se spore te volg. Amen

**Dinsdag 30 Julie** **Lees Lukas 18:18-30**

## Verkoop alles

**Teks:** Lukas 18:22 Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hom: *"Een ding kom jy nog kort: gaan verkoop alles wat jy het, en deel die geld aan die armes uit. Dan sal jy 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My."*

*"As jy nie al die pad wil gaan nie, hoekom hoegenaamd wegtrek?"* (Joe Namath)

In die gedeelte toets Jesus die ryk man se keuse om God eerste te plaas in sy lewe. Op die oog af lyk die man na 'n gelowige, *"Ek onderhou die gebooie van my kinderdae af"* sê hy. Jesus weet dit, maar Hy weet ook dat die man liewer is vir sy goed as vir God.

Ryk wees is nie sonde nie en Jesus sê self dat dit nie onmoontlik is vir ryk mense om in die hemel te kom nie want God se genade is genoeg vir alle mense. Vir Jesus is jy belangrik en waardevol en nie jou goed nie. Daarom moet jou sekuriteite in **God** lê eerder as in **goed**.

Dink bietjie oor jou prioriteite in die lewe. Waaraan spandeer jy die meeste van jou tyd, aandag, geld en waar pas jou verhouding met God in? Behoort jy, jou beursie en alles wat jy het aan God? Dien die Here voluit met dit wat jy besit.

**Gebed:** Here hier is ek en alles wat ek het. Gebruik my as u instrument om u liefde vir die wêreld te wys. Amen

**Woensdag 31 Julie** **Lees Matteus 22:34-40**

## My hele wese behoort aan U

**Teks:** Matteus 22:37 Jesus antwoord hom: "J*y moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand."*

*"Dit is alleen deur deursettingsvermoë dat die slak betyds die Ark gehaal het."*
(Charles Haddon Spurgeon)

Ons lees in Eksodus 20:5 dat die Here 'n jaloerse God is wat onverdeelde trou eis aan Hom. Ons kan nie met verdeelde aandag God dien nie. Elke deel van ons wese moet hunker na God, elke deel van ons menswees moet aan God toegewy wees, ons wil, gevoel en denke.

- Wil – my besluite behoort aan die Here. In alles sal ek die Here raadpleeg, want my wil is ondergeskik aan God se wil vir my lewe.
- Gevoel – daar waar niemand kan sien nie, in jou diepste menswees, ook dit moet aan die Here behoort.
- Denke – my denke moet doelbewus gerig wees op God en Sy wil.

**Gebed:** Vader ek bely dat ek U nie met my hele wese dien nie. Ek kies vandag opnuut weer om U lief te hê met my wil, gevoel en denke. Amen.

**Donderdag 1 Augustus** **Lees Rut 1:6-18**

## Lojaliteit

**Teks:** Rut 1:16-17 [16]Maar Rut het geantwoord: *"Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God;* [17]*waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."*

*"Die lewe het sy donker tye, wanneer daar geen ander uitweg is nie as om aan te hou en uit te hou en vas te hou aan God. Nee, meer: Om toe te laat dat Hy jóú vashou."* (William Barclay)

Rut is vir ons 'n voorbeeld van 'n lojale persoon. Dit het haar 'n duur prys en opofferings gekos om agter Naomi aan te gaan, want sy het Naomi se welsyn bo haar eie behoeftes geplaas. In ons hedendaagse lewe word daar nie baie waarde aan lojaliteit geheg nie.

My behoeftes en dit wat vir my tot voordeel strek, is baie maal die oorweging in besluite wat geneem word. God vra van ons om sy wil te kies bo ons wil. Ons lojaliteit aan God mag nie afhang van dit wat ek by Hom kan kry nie maar dat ek bereid sal wees om dinge prys te gee om Hom te volg.

**Gebed:** Vader help my dat ek U voluit sal bly dien en vandag u wil sal kies bo my eie wil. Amen.

**Vrydag 2 Augustus** **Lees Openbaring 3:14-22**

## Warm of koud?

**Teks:** Openbaring 3:15-16 [15]Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was! [16]Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.

*"Ons mag vry wees om te kies, maar ons is nie vry om die gevolge van ons keuses te kies nie."* Selwyn Hughes

Die dag toe ons die Here as ons Verlosser aangeneem het, was ons vuurwarm en aan die brand vir Hom. Met die tyd koel ons ywer vir die Here baie maal af. Vir God is dit onaanvaarbaar. Om jou te help om vuurwarm vir die Here te bly, is dit nodig dat jy 'n paar basiese dinge sal doen.

- Spandeer tyd in Sy woord
- Bid gedurig
- Getuig doelbewus van God se wonderdade en goedheid in jou lewe
- Wees aktief betrokke by die gemeenskap van gelowiges

'n Kooltjie van 'n vuur wat ver van die ander af lê, verloor vinnig sy hitte. Om konstant *"warm"* te bly, gaan van jou 'n offer vra. Die beloning van die keuse om *"warm"* te bly is die seker wete dat jy die Koninkryk van God sal sien.

**Gebed:** Vader maak my so *"warm"* dat ek ander *"lou"* kinders van U weer sal aansteek. Amen.

**Saterdag 3 Augustus** **Lees 2 Korintiërs 11:16-33**

## Ontberings ter wille van Christus

**Teks:** 2 Korintiërs 11:24–25 [24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

*"As 'n mens jou lewe skoei op jou beginsels, is 'n groot persentasie van jou keuses vooraf reeds gemaak." (*James Russell Lowell)

Paulus het al hierdie dinge ontbeer maar dit het nie sy geesdrif en liefde vir die Here gedemp nie. Die moontlikheid om doodgemaak te word, het hom nie afgeskrik van sy roeping om die Evangelie na die heidennasies te neem nie. Elke ontbering het hom net meer vasberade gemaak om sy taak te volvoer. So is daar baie christenne wat hulle lewens verloor het en ander wat steeds vervolg word ter wille van die Evangelie.

Mag Paulus en hulle vandag vir jou 'n inspirasie wees om te volhard in jou verhouding met die Here. Gebruik elke geleentheid om te getuig en moenie dat die moontlike gevolge van jou getuienis en keuses jou laat afskrik nie. Dank God elke dag vir die voorreg om in vryheid die evangelie van Jesus te mag leef en te verkondig.

**Gebed:** Here maak my innerlik sterk om met vrymoedigheid te getuig en altyd te onthou dat U 'n duur prys betaal het vir my verlossing. Amen.

# WEEK 3
# Sondag 4 Augustus

# Die Sleutel tot 'n Rein Lewe

**<u>Die wêreld sê:</u>** Beproef alle sondes. Moet net nie uitgevang word nie.
**<u>Jesus sê:</u>** Breek radikaal met die sonde in jou lewe.

*"I have a confession to make: I like sin. As surely as Eve saw the forbidden fruit and found it "pleasing to the eye," I too find a certain pleasure in sin. At times I wonder what it would be like to be unable to sin, to be in that heavenly state where I not only no longer want to sin, but could not do so. I admit, a state such as that seems strange to me. I'm not entirely sure I want it.*

*What a horrible confession to make, but what I am admitting is my comfort with sin. Certainly, all sin at its foundational level is active rebellion against God, but I do not always sin because I am angry with God and want to shake my fist at him. Fact is, I have rarely sinned in that way. Rather, I do sinful things because I like them. They are pleasurable. They are enjoyable. They seem natural to me."*

(Victor Kuligin — "Ten things I wish Jesus never said" p42)

Dit is waarmee dié hoofstuk in Kuligin se boek begin. Praat sommer bietjie met mekaar oor wat jou getref het in hierdie paragraaf.

Praat bietjie met mekaar oor die heiligheid van God en die sondeloosheid van Jesus. Dink jy dat dit vir Jesus moontlik was om te sondig en hoekom het Hy nie gesondig nie?

Sing 'n lied saam. Wanneer ons saamsing, kyk ons bietjie weg van onsself af én fokus op God — vir wie Hy is.

Kyk na die DVD.

Lees Matteus 5:27-30

*Kuisheid*

27"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie." 28Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.

29"As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
30Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland."

**Lees weer Matteus 5:27-30**

Jesus gebruik 'n beeld en dit is om jou oog uit te ruk, of jou hand af te kap. Die beeld wil sê: Moenie ligtelik met sonde omgaan nie, neem radikale en drastiese besluite om dit uit jou lewe uit te kry en jouself daarteen te beskerm.


1. *"Sonde kruip in die lewe van Christene in; maak jy die deur wyd oop sal sonde instorm en sy doel is om te steel en te verwoes."* Wees bietjie skreiend eerlik met mekaar en gesels oor bogenoemde stelling.

2. Jy moet sonde radikaal en gewelddadig hanteer. Trek die lyn aan die begin, anders gaan jy struikel. Om te kyk hoe naby jy aan sonde kan kom, is 'n resep vir mislukking. Wat kan ons as Christene doen, wat kan ek en jy doen, om die sonde radikaal te kan uitsny en uit ons lewens uit te ruk? Het jy voorbeelde daarvan in jou eie lewe?

3. Die gevolg van sonde is: *"It produces the bitter fruit of a ruined life."* Watter areas van jou lewe vra dat daar mure omgebou sal word, sodat jy beskermd kan wees as kind van die Here? Vertel vir mekaar hoe jy mure gebou het om jou te beskerm.

4. In Romeine 12:9 sê Paulus: *"Verafsku wat sleg is"* (haat die sonde). Wat sê dit vir ons?


5. 'n Positiewe, drastiese keuse teen sonde dra groot vrug in jou lewe. Die wêreld sê: *"Kyk en begeer want jy is maar net 'n mens",* maar Jesus sê: *"Ruk uit jou oog as hy jou besoedel"* — dit is lewe. Deel nou met mekaar waar jy sulke drastiese keuses teen sonde gemaak het, en die lewe wat jy toe ervaar het.



- Hoe kan Christene mekaar in hierdie verband ondersteun en tot hulp wees?
- Watter keuse maak ek vir my eie lewe vandag na aanleiding van hierdie radikale uitspraak van Jesus? Is ek bereid om dit te deel en my groep te vra om my verantwoordbaar te hou aan my besluit?

**Geleentheid vir gebed:**

Ruil gebedsversoeke uit en bid 2x2 vir mekaar en onthou om volgende keer vir mekaar te vra hoe dit die week gegaan het.



**Maandag 5 Augustus** **Lees Psalm 52 & 2 Samuel 11:1-12:25**

## DAWID

Bepeins die gedeelte en dink na hoedat sonde geen ontsag het ook vir dié wat God baie liefhet nie. Dink bietjie na oor wat Dawid anders kon gedoen het. Hoe sou jy sy situasie hanteer het en wat het jy in plek om jou te beskerm teen die aanslae van sonde?

Lees nou, nadat jy so bietjie tyd spandeer het met bogenoemde Skrifgedeeltes, deur die onderstaande oordenking:

Iemand het eendag oor die gedeelte van Dawid die volgende gesê: "*Hy was op die verkeerde tyd op die verkeerde plek en toe maak hy verkeerde besluite."* Radikale keuses teen sonde vra dat ek en jy altyd bewus sal wees van watter tyd ons op hande het, waar ons onsself bevind en watter keuses ons maak. Stefan Covey skryf in sy boek: *"The seven habits of highly effective people",* dat daar altyd tussen die stimilus en respons 'n tydperk verloop waar jy tyd het om 'n keuse te maak. Dawid het ook en hy het die verkeerde keuse gemaak.

Wat onder ons aandag moet kom van hierdie verhaal van Dawid is hoedat my en jou geringste toegee aan sonde 'n dodelike en vernietigende effek het op ander om ons ook. Sonde vind nooit in isolasie plaas nie. Ek en jy mag dink ons doen dit op ons eie, totdat dit aan die lig kom en dan beleef ons die vernietigende effek daarvan op ander mense.

Dawid se kind sterf en die swaard het daarna nooit weer uit sy familie gewyk nie. Dit is sonde op sy beste! Vergewe en herstel vind baie maal plaas, maar die gevolge kan nog vir jare en jare voortsleep in ons lewens. Wonde genees maar letsels bly.

**Gebed:** Here Jesus, vandag wil ek vra dat ek dadelik sal hoor wanneer die Heilige Gees my waarsku teen die verkeerde tyd op die verkeerde plek, waar ek verkeerde besluite kan neem. Amen.

**Dinsdag 6 Augustus** **Lees Genesis 3:1-6**

## EVA

Eva het doodeenvoudig te naby aan die rand van die afgrond beweeg. Toe sluk die afgrond haar in – en haar man saam met haar.

Haar eerste fout was dat sy die duiwel uitgeluister het. Sy moes hom nie eers kans gegee het om sy mond oop te maak nie. As hy eers 'n voet in die deur het, vat dit nie lank voordat hy sy intrek neem en jou lewe oorneem nie.

Die duiwel is baie slu. Dis nie vir hom moeilik om  'n swakke mens 'n gat in die kop te praat nie. En as 'n mens onder die invloed van die duiwel se mooi woorde is, kom die volgende stap: Jy kyk met 'n verkeerde oog na dinge om jou.

Eva het na die vrug gekyk (wat God hulle verbied het om te eet) en sy het 'n baie mooi en aanloklike vrug gesien wat goed is om te eet.

Wat moes sy sien? 'n Groot God wat bokant alles staan en wat vir hulle 'n billike opdrag gegee het. Sonder God in die prentjie sien 'n mens 'n halwe prentjie. Die duiwel het haar oë so verdof dat sy slegs dié deel raakgesien het wat haar wil vernietig. Die liefde en trou van haar Vader het sy misgekyk.

**Gebed:** Here, help my om vroegtydig wal te gooi teen die mooi woorde van die Satan. Amen.

**Woensdag 7 Augustus** **Lees Genesis 39:1-23**

## JOSEF

Raak eers stil en dan oordink jy: Josef was 'n mens net soos ons, wat versoek is net soos ons. Hy het staande gebly — enduit. (Praat met die Heilige Gees oor Josef en die hoe en die wat Hy van my vra). Lees nou, nadat jy so ‘n bietjie tyd spandeer het met bogenoemde Skrifgedeelte, deur die onderstaande oordenking:

As daar nou een ding is van die lewe van Josef wat my opval, is dit die agtergrond en opvoeding waarmee hy in Egipte aangekom het. Alleen in 'n vreemde wêreld, met geen ondersteuning en vriende nie. Sy fondasie was reg en goed en sterk. Moet nooit die opvoeding wat jy vir jou kinders gee, die waardes wat jy vir hulle voorleef gering ag nie. Hou aan daarmee en hou vol daarmee. In tye van versoekings kan dit alleen jou staande hou.

Josef was ook iemand wie se grense in plek was — amper wil ek sê in teenstelling met byvoorbeeld Simson. Hy het geweet hoe ver hy kon gaan met Potifar se vrou en hy het geweet wanneer dit tyd was om te vlug. Ek glo baie van ons weet dit ook, maar sy besluite wys dit en daarom moet ons besluite ook ons grense bevestig. Dit help nie ek en jy het die wonderlikste grense maar pas dit nie toe nie. Selfs in die gevangenis was hy nie bereid om te daal na die vlak van medegevangenes nie en het hy uitgestyg bo die ander vanweë die besluite wat hy gemaak het en grense wat hy vir homself gestel het.

Onthou, Christene met sterk waardes word dalk aanvanklik geoordeel en bespot, maar op die langduur betaal dit en lewer dit dividende op. Sien dit in die lewe van Josef. Neem die regte besluite, leef binne jou grense wat God van jou vra en Hy sal jou verhoog.

**Gebed:** My Vader, dankie vir die geloofshelde in die Bybel wat vir ons sulke wonderlike rolmodelle was en is. Maak my en vorm my dat ek ook 'n rolmodel vir ander kan wees.

**Donderdag 8 Augustus** **Lees Daniël 1:1-21**

## DANIËL

Noudat jy klaar gelees het, dink na oor die tipe lewe wat Daniël gelewe het. Hy is een van die karakters van die Bybel oor wie daar niks negatiefs gesê word nie. Wat was sy geheim? Lees nou, nadat jy so ’n bietjie tyd spandeer het met bogenoemde Skrifgedeelte, deur die onderstaande oordenking:

Ons lees Daniël graag en dan veral die bekende verhale, want hy is vir ons 'n rolmodel. Hy het egter net gedoen wat God van hom gevra het. Onthou: Hy was geen geestelike *"superman"* nie. Wie van ons is bereid om daardie keuses te maak wat hy gemaak het en dan nog drie maal per dag te bid? Maar juis daarin lê die sukses van Daniël. Hoe meer ons die regte ding besluit, hoe meer ons, deur reg te kies, weerstand bied teen die duiwel en versoekings, hoe meer slaag ons daarin. Verder het Daniël die regte vriende gemaak. Hy het nie alleen gestaan nie en dit is van wesenlike belang op ons reis. Goeie Christenvriende is 'n geweldige hulp in hierdie lewe en dit is 'n besluit wat ons elkeen sal moet neem. Ek glo dat Daniël en sy drie vriende mekaar voortdurend moed ingepraat en vir mekaar gebid het.

Moenie die waarde van Christenvriende onderskat nie. Die Woord en gebed gaan saam en waar hy drie maal per dag gebid het, glo ek het hy ook tyd in die Woord gespandeer — sien hier sy gebed in hoofstuk 9:1-3. Daarin lê die verdere sukses van Daniël. Spandeer genoeg tyd in die Woord en gebed en dit versterk jou, voed jou, vernuwe jou denke, vul jou wapenrusting aan, sodat jy staande kan bly. 'n Pragtige voorbeeld van iemand wat nie in die geringste 'n kompromie met die sonde aangegaan het nie, maar net die normale gedoen het wat God van hom gevra het.

***Gebed:*** Vader, herinner my daaraan, dat om reg te kies elke oomblik van die dag, by my moet bly en dat ek nie 'n dag moet begin sonder om tyd te spandeer in die Woord en om met U te praat nie. Amen.

**Vrydag 9 Augustus** **Lees Numeri 20:7-12**

## MOSES

Die meeste van ons het van tyd tot tyd 'n probleem met ons temperament. ‘n Mens doen iets vanuit jou eie gebelgdheid – en laat jou daardeur oorheers en dryf – en dan doen jy iets waaroor jy later baie spyt is.

So was dit met Moses. Hy het hom vervies vir die volk wat hulle gedurig teen die Here verset het. Hy het hulle kwaai aangespreek – en in sy woede doen hy wat die Here beveel het hy NIE moet doen nie: hy slaan die rots – in plaas van om met die rots te praat.

Nogtans het die Here water uit die rots laat kom soos Hy belowe het. Hy straf egter vir Moses met 'n swaar straf: Moses sal nie die volk die beloofde land kan inlei nie.

Moses het nie betyds wal gegooi teen sy eie omgekrapte gemoed nie. Hy het hom doodeenvoudig daardeur laat oorheers. Hy was nie versigtig vir die invloed van sy eie temperament nie.

Moenie 'n lakei van jou eie gebelgdheid word nie. Dit benewel jou nugtere oordeelsvermoë. Dit laat jou impulsief ongehoorsaam wees. Dit verskans God se wil – en stoot jou eie wil op die voorgrond.

**Gebed:** Here, help my om maatreëls in my lewe in te bou sodat my temperament my nooit sal oorheers nie. Amen.

**Saterdag 10 Augustus** **Lees Genesis 13:7-12**

## LOT

Abram en sy broerskind, Lot, het dieselfde grond gedeel. Daar ontstaan toe 'n twis oor die weidingsgebiede. Abram laat toe vir Lot kies waar hy sy grondgebied wil hê. Lot kies die vrugbare Jordaanvallei. Die probleem was dat dit baie naby aan die sondige stad, Sodom was. Ons lees ook dat Lot dikwels by die stadspoort van Sodom gesit en kuier het.

Met sy besluit het Lot gevaarlik naby aan die afgrond beweeg. Dit was té naby. Dit het later die lewe van sy vrou gekos.

Lot se verkeerde en onversigtige keuse het daartoe gelei dat hy en sy gesin op 'n stadium intrek geneem het in die sondige stad. Daar het hulle waarskynlik luuks gelewe.

Dit het 'n engel van die Here gekos om hulle daar uit te lei – terwyl God die stad met vuur en swael vernietig. Lot se vrou se verkleefdheid aan haar luukse lewe het haar laat terug verlang – eerder as om die pad van verlossing wat die engel vir hulle aangewys het, voluit te loop.

**Gebed:** Here, leer my om versigtige en veilige afstande te handhaaf. Moet my nie braaf maak as dit by sonde kom nie. Amen.

# WEEK 4
# 11 Augustus

# Die Sleutel tot Selfverloëning

**<u>Die wêreld sê</u>:** Jy is nommer een. Leef net vir jouself en jou eie belange.
**<u>Jesus sê</u>:** Kruisig jou selfsug. Kom volg My.

- Verlede keer het ons oor die *mag van sonde* en *radikale amputasie* gesels. Wat het jy hierdie week daarvan gesien en beleef?
- Wat word bedoel as ons praat oor *prioriteite?* Kom ons noem 'n paar belangrikes in ons lewe.

Hoe meer ons van Jesus leer, hoe meer kry ons respek en agting vir Hom. Kom ons sit daardie belewenis om in lof en aanbidding, liedere en gebede waarmee ons Hom eer.

Kyk na die DVD en gesels oor enigiets wat julle in die aanbieding getref het.

Lees nou Lukas 14:25-33 in verskillende vertalings as u kan.

Die eise van dissipelskap (Matteus 10:37-38; vgl. Markus 10:29-30)

25 'n Groot menigte het saam met Jesus gereis. Hy draai toe om en sê vir hulle: 26 "As iemand na
My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder
en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. 27 Iemand wat nie sy eie kruis
dra en agter My aan kom nie, kan níe my dissipel wees nie.

28 Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy
genoeg geld het om die werk te voltooi nie? 29 Anders, as hy die fondament gelê het en nie in
staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf. 30 Hulle sal
sê: 'Hier is 'n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie.'

31 Of watter koning wat met 'n ander koning in 'n oorlog betrokke raak, sal nie eers gaan sit en
oorweeg of hy met sy tien duisend man sterk genoeg is om die ander een teen te staan wat met
twintig duisend teen hom optrek nie? 32 Anders stuur hy 'n afvaardiging om vredesvoorwaardes
te vra terwyl die ander een nog ver is. 33 So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie
bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie."

**Gesels lekker oor die volgende vrae:**

1. Wat het jou getref in die deurlees van die gedeelte? Waar het die Here met jou gepraat? Of watter woord, sin of beeld staan vir jou uit?

2. Wat is skokkend in verse 26, 27 en 33? Hoe moet ons dit verstaan?

3. Hoekom (dink julle) vertel Jesus die twee verhaaltjies in verse 28-32?

4. Sê nou jy moet verskillende kringetjies om jou lewe trek – wat sal eerste, tweede, derde en verder in volgorde van belangrikheid in jou lewe kom?

5. Is dit só? Met ander woorde, *sê* ons net dat dit ons prioriteite is of *leef* ons dit elke dag uit? Wat is die verskil tussen *sê* en *leef* en waaraan kan ons dit agterkom?

6. Hoekom leef ons nie altyd volgens ons prioriteite nie? Wat maak dit soms moeilik?

7. Wat kan ons doen om volgens die regte prioriteite in ons lewe te leef? Hoe help hierdie stuk (en ons reeks) ons hiermee?

8. Hoe weet ander mense dat jy 'n volgeling van Jesus is?

9. Wanneer is dit maklik om Jesus te volg? Wanneer is dit moeilik?

Wat kan ons vir mekaar doen as dit moeilik is om Jesus te volg?



Skryf nou 'n gebed neer waarin jy die Here antwoord op dit wat Hy in hierdie gedeelte vir jou gesê het:



**Maandag 12 Augustus** **Lees Filippense 2:3-11**

## Wees 'n verloorder

**Teks:** Filippense 2:3-4 [3]Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. [4]Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Ons wil natuurlik almal wenners wees. Nooit verloorders nie! Miskien geniet ons daarom by 'n karnaval of skou die visdamspeletjie meer as die ander gooispeletjies waar jy nie altyd 'n kans staan om te wen nie. Die veiligste is om die visdamspeletjie te speel. Jy weet, jy vis 'n vissie uit die dam en die nommer op die vissie besorg aan jou 'n prys. Jy wen altyd, nie baie nie, maar darem iets! Die meeste van ons gaan deur die lewe deur *"visdam"* te speel. En weet jy waarvoor *"vis"* ons? Vir komplimente en goedkeuring. Dit is so maklik om vir ander te vra of dit of dat wat jy gedoen het, darem goed was? Dit word so gevra dat die ander persoon nie anders kan as om *"ja"* te sê nie. In wese is ons elkeen selfsugtig.

Ons teksvers sê 'n volgeling van Jesus speel nié *"visdam"* nie. Selfsugtigheid hoort nie by ons nie. Duidelik staan daar, dat niks uit selfsug en eersug gedoen moet word nie. Selfsug sien nie die ander mense om hom raak nie. Hy dink net aan sy eie belange en sy eie behoeftes. Vir selfsug het ander mense net betekenis in soverre hy iets uit hulle kan kry. Eersug op sy beurt, verhef hom weer bo ander, kyk neer op ander, vergelyk homself voortdurend met ander, dink hy is altyd reg en net die beste en sê dit ook. In sy eie oë kan eersug selde 'n fout maak.

Martin Luther het dit mooi gestel: GOD het die wêreld uit NIKS gemaak – en solank ons NIKS is nie, kan Hy IETS uit ons maak! Is jy bereid om NIKS te wees? Is jy bereid om nie net op jouself te fokus nie?

**Gebed:** Here, vergewe my waar ek so dikwels net op myself fokus. Help my om ander raak te sien. Verander my gesindheid. Amen

**Dinsdag 13 Augustus** **Lees Johannes 13:1-17**

## Let op die temperatuur

**Teks:** Johannes 13:5,15 [5]Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het. [15]*"Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."*

Wat is die werkie wat jy by die huis moet doen, waarvan jy NIKS hou nie? Almal van ons het 'n werk(ie) waarvan ons nie hou nie. In die tyd toe Jesus op aarde was, was daar een werk waarvan niemand gehou het nie. Dit was so 'n slegte werk dat hulle dit vir die laagste van die laagstes gehou het. Maar die stap op stowwerige paaie, eenvoudige plakkies en die aanlê aan die tafel, het voor elke ete 'n voetewas genoodsaak. Jesus was sy dissipels se voete en beveel ons dan om dieselfde ook simbolies in die lewe teenoor mekaar te doen. Dit is om mekaar te dien! Iets van jouself moet jy prysgee om dit te doen. Dit gaan egter nie net oor die doen nie, maar veral oor die gesindheid waarmee ek dit doen. Wanneer jy na iemand anders gaan om sy voete te was, let tog op die temperatuur van die water:

- Moenie gaan met **kokende water** nie. Moenie so ontsteld, so kwaad wees oor iets wat in die verlede tussen julle plaasgevind het, dat jy dit met 'n wrewel doen nie.
- Moenie gaan met **yswater** nie. Moenie dit doen met die gesindheid van ek is regverdig, ek-is-heiliger-as-jy, ek is so goed nie.
- Moenie gaan **sonder** enige water nie. Moenie ander se voete droogskoonmaak met 'n stukkie van jou eie wil nie. Daar is net een manier om dit te doen. Jesus het dit vir ons gedemonstreer. Dit is om met die regte temperatuur van LIEFDE dit vir mekaar te doen. Wat is die temperatuur van die water wat jy gebruik?

**Gebed:** Here, ek wil ook 'n dienskneg wees. Kyk na my gesindheid en verander dit as dit moet. Amen

**Woensdag 14 Augustus** **Lees Johannes 12:20-26**

## Lewe jy om te sterf? Of Sterwe jy om te lewe?

**Teks:** Johannes 12:24-25 [24]*"Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in.* [25]*Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou."*

Die wet van die koringkorrel vereis dat daar 'n sterfte moet wees voordat daar lewe kan wees. Die koringkorrel moet eers in die grond val en sterf — heeltemal van sy vorm afstand doen (verander), anders kan daar geen vrug wees nie. As hierdie koringkorrel in die saadsak in die stoor bly, lewer dit geen oes nie. Hierdie wet van die koringkorrel is waar van Jesus se lewe. Hy alleen kon vir God die vrug van miljoene kinders lewer deur die grootste offer van almal te betaal om ons met die Here te versoen. Hy moes sterf om so 'n groot oes in te bring.

Die wet van die koringkorrel geld egter ook vir ons. Baie dink dikwels oor geloof as iets wat nie veel van hulle vra nie. Jy moet nou maar net glo dat Jesus vir jou sondes gely en gesterwe het. En miskien sal jy darem nog sekere dinge nie doen nie. Jy sien af van sekere goed, wat ander as *"lekker"* mag beskou, maar vir jou is dit taboe. Gewoonlik is hierdie lysie nie te lank nie.

Jesus daag hierdie manier van dink uit. Om Hom te volg het ernstige implikasies vir ons lewe. Jesus se eise aan ons is nie klein nie. Daar is nie 'n halfhartige manier om die Here te volg en te dien nie. As jy Sy pad kies, dan moet jy voluit vir Hom kies. Dan verander jou prioriteite. Selfs die dinge wat die heel kosbaarste vir jou was, speel dan tweede viool. Wie kies om Jesus te volg, moet weet dat dit 'n prys gaan verg. Dit is egter 'n prys met 'n belofte. Wat jy ook al opoffer om Jesus bo alles lief te hê en te dien, sal beslis vir jou vrug oplewer. Is daar 'n doodsheid in jou gebedslewe? Geen geestelike groei nie? Dit kan alles die gevolg wees van die stoorgodsdiens - die koringkorrel wat in die stoor bly.

**Gebed:** U het aan ons die voorbeeld gestel, Here Jesus. Gee dat ek sal sterf aan myself, sodat ek saam met U kan lewe! Amen.

**Donderdag 15 Augustus** **Lees Romeine 6:6-11**

## Ek sterf sáám met Hom - ek staan sáám met Hom op

Mamma wat verwag en in 'n motor klim se ongebore baba gaan deur presies dieselfde waardeur sy gaan. As sy in 'n motor klim, klim hy binne-in haar in 'n motor in, begin beweeg wanneer sy beweeg, stop wanneer sy stop. En as sy in 'n ongeluk sou sterf, sal hy saam met haar doodgaan.

Iets hiervan is ook waar van ons as Christene. Omdat ons *in* Jesus is het ons saam met Hom aan die kruis gesterf. Dit is aangrypend wonderlik! Dit beteken dat daar iets van ons dood is: die vreeslike vatbaarheid vir sonde, die erge selfsug, die mag van die ou sondige natuur, die dwang om te *moet* haat of 'n wrok te dra of gierig te wees… Ons leef net nie altyd uit daardie besef nie. Ons laat toe dat die sondige natuur met ons woerwoer speel en ons inlok in die vreeslikste misstappe. Jy weet waarvan ek praat…

Nóg wonderliker is die feit dat ons in Jesus uit die dood opgestaan het. Toe Jesus die mag van die dood breek en Hy daardie Paassondagmôre uit die tuingraf kom, toe staan ons sáám met Hom op. Nou leef daar in ons die nuwe Jesusmens: rein, eerlik, sterk teen sonde, liefdevol… Aangrypend! Leef nou só.

**Gebed:** Wonderlike Here, Ek is so jammer dat ek die volle seën van my identiteit in U nie beleef en uitleef nie. Ek is dikwels nog so swak en vatbaar vir sonde-suigkrag. Vandag staan ek saam met U op in 'n nuwe lewe: sterk, Geesvervuld, liefdevol. Laat die Jesusmens in my al duideliker na vore kom in elke aspek van my lewe. Amen.

**Vrydag 16 Augustus** **Lees 1 Korintiërs 10:31-11:1**

## Volg my, ek volg Jesus

**Teks:** 1 Korintiërs 11:1 Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.

Daar was 'n pa wat gereeld elke aand vanaf sy huis na die kroeg gestap het. Dronk het hy keer op keer laat elke nag weer by sy huis opgedaag. Gesinslewe was daar nie. Tot een aand toe hy skielik langs hom by die toonbank van die kroeg sy vierjarige seuntjie gesien het. Heel verbaas en skaam het hy hom gevra: *"Hoe het jy my hier gekry?"*, waarop die seuntjie geantwoord het: *"Ek het net pappa se voetspore in die sneeu gevolg."*

Interessant, né? Of jy nou daarvan hou of nie, mense (en veral jou kinders) hou jou dop, begin iets van jou menswees en waardes absorbeer en begin dan self so lewe. Is jy bly daaroor? Of voel jy bietjie skaam?

Paulus praat met sy mense in Korinte. Hy wil graag hê dat hulle alles tot eer van God moet doen. Hy wil hê hulle moet nie aanstoot gee nie, hy wil hê hulle moet ander mense se belange voorop stel sodat húlle gered kan word. Dan dink hy: *"Watter praktiese voorbeeld kan ek hulle hiervan gee?"* Toe besef hy: *"Dis soos ek graag leef!"* En dan weet hy: *"Dis omdat ek dit by Jesus geleer het." "Volg my voorbeeld, ek volg Jesus s'n."*

Dis die wese van waaroor dit hierdie week gaan. Jou lewe moet 'n lewende illustrasie wees daarvan dat jy jouself gekruisig het, jou eiebelang prysgegee het en Jesus volg.

**Gebed:** Wonderlike Here, wat 'n heerlike voorreg het ek om in u voetspore te kan loop. Ek weet ek skiet nog ver tekort maar ek wil so graag. Daarom kruisig ek vandag opnuut myself en vra ek dat U my met u Gees vul sodat ek u gestalte al duideliker sal vertoon. Amen.

**Saterdag 17 Augustus** **Lees Efesiërs 5:1 en 2**

## Volg Jesus soos 'n kind sy pa volg

Dit was so mooi om te sien, so roerend. Lank voor ek kinders gehad het, het my oudste broer al met 'n gesin begin. Sy seuntjie was seker so om en by drie jaar oud toe ons een Sondag saam kerk toe is. Toe ek weer sien, loop hy al agter sy pa aan, boekie styf onder die arm vasgeknyp (net soos sy pa sý Bybel vashou), besig om lang en gewigtige treë agter Pa aan te gee. Hy wou so graag net soos sy pa wees.

Paulus gebruik dieselfde argument as hy in Efesiërs 5 vir ons vertel dat ons *kinders van God is* en dat Hy ons *baie liefhet.* Dis normaal vir 'n kind om sy/haar ouers na te aap – veral as hy/sy weet hoe lief Pappa en Mamma hom/haar het.

En ons as *kinders van God* ? Hoeveel te meer moet daar nie by ons die dringende begeerte wees om al meer soos Hy te wees en te leef nie! En wat is die wesenskenmerk van 'n Jesuslewe? *"Lewe in liefde soos Christus ons ook liefgehad het..."* Jesusliefde. 'n Kwaliteit van liefde gegrond op die gesindheid van iemand wat bereid is om op te offer ter wille van ander.

Is daar kwaliteit in jou Christenskap? Beleef die mense om jou dat jy al meer die beeld van Jesus uitstraal? Dra jy die hoofkenmerk van iemand wat in Jesus se voetspore loop – liefde?

**Gebed:** Wonderlike Here, ek wil u beeld helder en duidelik uitstraal. Ek wil in u voetspore loop. Ek wil al meer soos U word. Help my, Here. Gee in my 'n Jesushart en plaas in my mond Jesuswoorde vandag. Leer my Jesusliefde. Amen.

KEYS to LIFE
SLEUTELS tot LEWE
Jesus

feesviering

Ons vat hande as
God se kinders om
vir weeskinders in
Mpumalanga te sorg.

**ONS HET**
**JOU**
**NODIG!!**

## VRYDAG
## 13 SEPTEMBER

**FONDSINSAMELINGS BANKET**
**vir Tebelo Childcare Village**

Lydenburg 18:30 vir 19:00

Spreker: Michelle Harding
(Unashamedly Ethical)

Drag: Formeel

R2500 per persoon
of bespreek 'n tafel

Adel: 082 553 5939
Fred: 082 805 0924
fjwilson@telkomsa.net

## SATERDAG
## 14 SEPTEMBER

**TURN2GOD**

12:00 tot 16:00

Longtompas, Lydenburg
(sien kaart op facebook blad)

Spreker: Rev. Elza Meyer
Louis Britz & 'Band'

Bring stoele en
piekniekmandjie

Itickets: R30 pp
www.iticket.co.za

call centre:
086 1000291




Tebelo

**Turn2God** is goed oppad om 'n kinderdorp in Mpumalanga (Lydenburg) te vestig. Die **Tebelo Village** program sal **960 weeskinders** in **160 huise** op 100 hektaar akkommodeer en aan 370 mense werk verskaf. Hierdie inisiatief het **BAIE** gewillige mense se hulp en vaardighede nodig.

**www.facebook.com/Turn2GodLydenburg,**
**Turn2God Lydenburg, Acc no 92829917074, ABSA 632005**

# WEEK 5
# 18 Augustus

# Die Sleutel tot Swaarkry-Vir-Jesus

**Die wêreld sê:** Volg die weg van die minste weerstand.
**Jesus sê:** Jy gaan swaarkry as jy My wil volg!

- Hoe gaan dit? Hoor by al die groeplede hoe dit gaan met die gesin/kinders/ kleinkinders/gesondheid/werk (waar van toepassing).




**Oopmaakvraag/Ysbreker**
Die SA Poskantoor het in 2011 'n poskaart uitgereik ter ondersteuning van *"Aktivisme teen geweld teen vroue"*.
Die minister van Vrouesake, Kinders en Mense met Gestremdhede, (d.w.s. die minister van almal behalwe mans) Lulu Xingwana, het na aanleiding van die Oscar Pistorius-gebeure aan die Australiese Uitsaaikorporasie (ABC) gesê:
*"Jong Afrikanermans word grootgemaak in die Calvinistiese geloof en glo hulle besit 'n vrou, hulle besit 'n kind, hulle besit alles, en daarom kan hulle daardie lewe neem, want hulle besit dit."*

**Ons kan sekerlik nie ontken dat daar vrouens in sogenaamde *"Christenhuise"* is, wat swaarkry onder hulle *"Christen"* mans nie. Bespreek dit teen die agtergrond van *"Swaarkry t.w.v. Jesus"* (nie langer as 10 minute nie)**

Kyk hoeveel mooi liedere oor Jesus julle kan sing. Probeer die skrywer van die lied se siening oor Jesus raaksien.

Kyk na die DVD-inleiding en gesels 'n bietjie oor wat dit vir jou sê. *(Die gebeure op die DVD is fiktief).* Hoe sou jy die situasie hanteer?

Lees nou 1 Petrus 2 vers 19-25

[19]Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil
wees. [20]As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit
verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. [21]Juis
hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel
het, sodat julle in sy voetspore kan volg.
[22]"Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie." [23]Toe Hy
beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles
oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. [24]Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis
gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van
God. Deur sy wonde is julle genees.
[25]Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar NOU het julle teruggekom na julle Herder en die
Bewaker van julle lewe.

1. Vertel wat jou die meeste getref het in dié gedeelte.

2. In Petrus se tyd het vervolging en slawerny dit moeilik gemaak om aan gesag gehoorsaam te wees. Watter omstandighede maak dit vandag vir ons moeilik?

3. Hoe kan Jesus se voorbeeld ons help om teenspoed (wat jy nie kan verander nie) te hanteer?

4. Wat behoort mense wie se menseregte *(“legal rights”)* deur ‘n swak regering geskend word, te doen? Aanvaar lyding? Dring aan op geregtigheid? Konfronteer die owerheid?

*Indien daar nog tyd is — praat ‘n bietjie oor die onderstaande.*
**<u>Die vervolging wat ons deesdae in die gesig staar</u>:**


Wat is ons reaksie ten opsigte van die teenstand wat ons as Christene kry? Wanneer vriende ons verwerp, wanneer mense ongemaklik in ons geselskap is omdat ons nie vir dieselfde tipe grappe as hulle lag nie, of na die soort vermaak toe gaan waarvan hulle hou nie, dieselfde dinge as hulle doen nie? Wanneer hulle afbrekend oor ons praat en karikature van ons maak? Wanneer hulle ons ignoreer of dink dat ons vreemd is? Ons met hulle tonge vervolg? Oor die hoof sien vir ‘n werksgeleentheid?

Is ons bereid om onsself op te offer vir Christus in die sin dat ons onsself die reg ontsê om onsself te handhaaf, en dit aan God oor te laat? Is ons bereid om wraak uit ons harte uit te sluit en dit aan God oor te laat? Gewillig om met Christus te identifiseer en op te staan vir wat reg is? (Romeine 12:19).



**Bespreek hoe julle die volgende bekende spreuk prakties gaan uitleef:**
*“God skenk aan my die Gemoedskalmte om te aanvaar wat ek nie kan verander nie; Moed om te verander wat ek kan en die Wysheid om die verskil te ken”.*

**GEBEDSLYS:**



**MAANDAG 19 Augustus** **Lees 1 Petrus 3:13-16**

## Swaarkry omdat ons Jesus volg

Vervolging was van die vroegste tyd aan Christene bekend. Ons weet van die Christenmartelare wat gesterf het vir hulle geloof. Ons is baie bevoorreg in Suid-Afrika om nie met die dood bedreig te word omdat ons Christene is nie. Tog is daar indirekte vervolging. Ons sien en ervaar dit in die manier waarmee ander mense teenoor ons reageer as hulle hoor dat ons Christene is of as ons standpunt inneem oor morele sake. Om die regte ding te doen, kan ons lewe swaar maak, veral as ons baie ywerig in Jesus se voetspore wil loop.

Wie kan ons tog iets aandoen? Petrus vra hierdie vraag, want wie kan tog werklik ons iets aandoen as ons aan Jesus behoort? Dit beteken dat ons meer moet kyk na ons seëninge as na die swaarkry wat ons ervaar omdat ons Jesus volg. Ons getuienis moet tog wys dat ons met sagtheid en respek optree teenoor dié wat ons lewe swaar maak. Dan sal mense sien dat Jesus werklik in ons leef.

Dit kan gebeur dat ons vreesagtig kan raak teenoor mense wat ons *"boelie"* omdat ons Jesusvolgelinge is. Ons moet leer om ons oog op Jesus te hou en nie ons lewe instel op die moontlikheid van konfrontasie met mense wat ons indirek of direk aanval nie. Dink aan Christene en nie-Christene wat die lewe vir jou swaar maak omdat jy Jesus dien. Kan jy dit regkry om na binne te kyk en Jesus raak te sien? Fokus op Jesus. Sy genade is baie groter as die mense wat jou laat swaarkry.

**Gebed:** My Vader, dankie vir die geloofshelde in die Bybel wat vir ons sulke wonderlike rolmodelle was en is. Maak my en vorm my dat ek ook 'n rolmodel vir ander kan wees in die tye waarin ons lewe. Amen.

**DINSDAG 20 Augustus** **Lees 1 Petrus 3:17**

## Swaarkry omdat ons Jesus volg

Hierdie is 'n baie moeilike vers om oor te dink! Hoe kan dit volgens God se wil wees dat ons swaarkry? Dit kan tog nie wees nie! Ons hoor so baie mense sê: *"God is 'n God van liefde! Hoe kan Hy dan toelaat dat swaarkry oor ons lewe kom?"* Ons moet onthou dat hierdie vers geskryf is aan Christene wat swaarkry omdat hulle Christene is.

Dink so bietjie na aan die tipe swaarkry wat jy moet ervaar omdat jy 'n Christen is. Kom ek verduidelik: Word jy uitgestoot uit sosiale kringe, skinder mense agter jou rug of ignoreer mense jou? Miskien sal dit goed wees om hieroor te dink. Hierdie vers wil ons iets leer van God se wil. Dit lyk met die eerste lees net baie vreemd: "*As dit God se wil is om te ly omdat julle reg doen, is dit beter as om te ly wanneer julle kwaad doen."*

Nou kan dit moeilik raak want wie is reg en wie is verkeerd? Party mense doen kwaad en dink dit is reg en andersom! Miskien kan dit ons help as ons so daarna kyk: Om te ly ter wille van Christus is vir God baie meer aanvaarbaar as om te ly as gevolg van ons sonde! Kan jy onderskei wanneer jy swaarkry as gevolg van sonde en wanneer jy swaarkry as gevolg van jou Christenskap?

**Gebed:** Here kom leer my u wil. Ek wil baie graag in u wil leef al moet ek 'n prys daarvoor betaal. Help my om te onderskei wanneer ek swaarkry as gevolg van my geloof sodat ek die ander persone met liefde kan behandel. Amen.

**WOENSDAG 21 Augustus** **Lees 1 Petrus 3:18**

## Swaarkry omdat ons Jesus volg

Hierdie vers is baie inspirerend! Nou word ons geleer dat die vorige verse wat ons gelees het saamgevat word in die voorbeeld van Jesus. Jesus het swaargekry omdat Hy gedoen het wat reg is. Jesus het sondeloos gelewe en dit was dalk een van die redes waarom die bose mense soveel weerstand teen Jesus gebied het. Jesus het die dood namens ons oorwin. Wat 'n voorreg! Omdat Jesus die dood oorwin het word ons geseën met ons eie opstanding uit die dood en die ewige lewe.

Hierdie vers is een van die beste opsommings oor die betekenis van die kruis. Jesus se eenmalige offer leer ons dat die Ou Testamentiese gebruik van jaarlikse offers vir altyd wegval. Jesus wat die regverdige is, het vir die onregverdige mens ingetree om ons verhouding met God te herstel.

Petrus verwys dan spesifiek na die opstanding van Jesus. Hy was dood (liggaamlik), maar was lewendig gemaak deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees bring dieselfde krag in ons na vore (Efesiërs 1). Wat verhinder jou om Jesus se eenmalige offer jou eie te maak? Waar moet jy nog die Heilige Gees toelaat om met krag in jou te werk?

**Gebed:** Here ek besef ek kan nie myself red nie. Ek kan geen offer bring wat goed genoeg is om my verhouding met U reg te maak nie. Dankie vir die Here Jesus wat eenmalig namens my 'n volkome offer was en is. Nou Here, gee ek myself as 'n heilige offer vir U. Gees van God help my om heilig te leef al kry ek swaar. In Jesus se Naam. Amen.

**DONDERDAG 22 Augustus** **Lees 1 Petrus 3:19-20**

## Swaarkry omdat ons Jesus volg

Dit is baie interessant om hierdie vers te lees. Wat sou dit beteken dat Jesus na die geeste sou gaan wat in gevangenis is om sy oorwinning aan te kondig? Die heel belangrikste hier is dat Jesus se oorwinning raak gelees moet word. Ons lees op baie plekke in die Nuwe Testament van Jesus se oorwinning byvoorbeeld Kolossense 2:15. Ons moet 'n belangrike les hier leer. Jesus het na die mense toe gegaan wat ongehoorsaam was in die tyd van Noag. Dit was die mense wat Noag gespot het omdat hy die ark bou. Hulle was ook die mense wat nie in God wou glo nie.

Tog weet ons dat God in die Ou Testament en vandag baie geduldig is met ons as mense vol sonde. Die mense in die tyd van Noag wou eenvoudig nie luister nie. Jesus het nou vir daardie mense wat verlore geraak het gaan vertel van Sy oorwinning. Party mense van die Nuwe Testament dink dat God se genade so groot was dat hulle, wat dood was, ook moes hoor van God se groot liefde wat deur Jesus gekom het. Hierin lê groot betekenis: As God mense so liefhet dat Hy sy genade tot aan die dooies gaan vertel.

Wie dink ons is ons om ander te oordeel, liefdeloos te wees, wraakgierig te wees of onvergewensgesind te wees teenoor vyande? Hoe tree ek en jy op teenoor mense wat die lewe vir ons swaar maak omdat hulle ongelowig is? Die tyd is hier dat ons met die gesindheid van Jesus optree met liefde en 'n sagte gees.

**Gebed:** Here dankie vir die wonderlike liefde en genade wat ek so onverdiend ontvang. Help my asseblief om seker te maak dat ek nie soos die mense in Noag se tyd was wat vir Noag gelag het nie. Help my om myself te ondersoek en seker te maak dat ek U persoonlik ken, u genade ondervind en die krag van die Heilige Gees, in Jesus se Naam. Amen.

**VRYDAG 23 Augustus** **Lees 1 Petrus 3:20-21**

## Swaarkry omdat ons Jesus volg

Ons het gister gelees van die mense wat Noag gespot het. Wat hulle nie geweet het nie, is dat hulle eintlik teen God gerebelleer het. Noag was gehoorsaam aan God en die spotters nie. Die spotters het die lewe vir Noag baie moeilik gemaak en tog het Noag nie opgehou om God se opdrag uit te voer nie! Dit is 'n groot les wat ons kan leer. Al kry ons hoe swaar moet ons altyd eerste doen wat God vra. Noag moes seker iewers getwyfel het of hy God reg gehoor het, dit sou net menslik wees.

Vir ons is dit belangrik om raak te sien dat Noag nie toegelaat het dat sy menslikheid oorneem nie. Nou kan ons na binne kyk en vra hoeveel maal ons toegelaat het dat ons menslikheid wel oorgeneem het in tye van swaarkry? Al is mense teen God se boodskap en aanvaar hulle nie die Evangelie nie, moet ons volhard en voluit doen wat God vir ons sê.

Noag se volharding het gemaak dat hy en sy gesin gered is van die water. Die water word deur Petrus dan gebruik om te verwys na die doop wat aandui dat mense in 'n nuwe verhouding met God staan. Petrus leer ons dat die doop juis te make het met ons verbintenis en oorgawe aan God en ons verwagting van die wederkoms van Jesus.

**Gebed:** Here, dankie vir figure soos Noag wat ons leer om te volhard in tyd van swaarkry omdat ons aan U gehoorsaam is. Help ons om soos Noag op U te fokus wanneer ander die lewe vir ons moeilik maak. Dankie vir die betekenis van die doop wat ons herinner dat ons persoonlik aan U verbind is, in Jesus se Naam. Amen.

**SATERDAG 24 Augustus** **Lees 1 Petrus 3:22**

## Swaarkry omdat ons Jesus volg

Mense wat swaarkry sukkel om 'n toekomsvisie te hê. Hulle sal gewoonlik iets sê soos: *"Ek weet nie meer wat vorentoe in my lewe gaan gebeur nie, ek sien nie meer kans om voort te gaan met my lewe nie",* en so aan. Swaarkry maak ons soms blind. Dit veroorsaak dat ons nie meer vorentoe kan kyk nie.

In die antieke tyd het gelowiges geglo hulle moet agteruit die toekoms inloop. Dit het hulle gehelp om heeltyd te onthou wat God in die verlede gedoen het. Hulle het dit nie gedoen om heeltyd na die slegte dinge te kyk nie! Vandag is dit vir ons makliker. Petrus skryf aan die einde van vers 21 oor die opstanding van Jesus en dit help ons weer in swaarkry om te besef dat Jesus leef.

Na Jesus se opstanding is Hy in die hemel opgeneem wat ons herinner dat Hy verheerlik is en met gesag sit aan die regterhand van die Vader. Jesus heers vanuit daardie posisie. Dink oor die areas in jou lewe waar Jesus nie volkome heers nie en dink aan jou optrede tydens swaarkry waaroor Jesus eerder beheer moet neem.

**Gebed:** Here, dankie vir die toekomsverwagting wat U vir ons gee om ons deur ons swaarkry te trek. Dankie vir die vooruitsig dat ons vandag weet U is op dieselfde wyse by ons betrokke. Here help ons om in swaarkry te leer wat die opstanding van Jesus werklik vir ons beteken. Help my ook nou om op te staan uit al my swaarkry, in Jesus Naam. Amen.

# WEEK 6
# 25 Augustus

# Die Sleutel tot Liefde vir jou Vyand

**<u>Die wêreld sê</u>:** Haat elkeen wat jou teenstaan.

**<u>Jesus sê</u>:** Wees lief vir elkeen - ook hulle van wie jy nie hou nie!

**Oopmaakvraag/Ysbreker:**

Die SA Poskantoor het in 2011 'n reeks seëls uitgegee, waarop verskillende groentesoorte wat in




'n huistuin aangeplant kan word, uitgebeeld word. Daar is ook handgeskrewe voorskrifte oor hoe om tuin te maak op die miniatuurvelletjie aangebring. Almal van ons is natuurlik nie ewe lief vir alle groentes nie! Ons het wel alle soorte groente vir 'n gebalanseerde dieet nodig. So het ons ook alle *"soorte"* mense nodig om gebalanseerd en volwasse te leef.

**Merk die groentes waarvan jy hou en nie hou nie. Vertel hoekom?**

- Laat iemand Psalm 103 as gebed voorlees.
- Sing 'n lied oor God se liefde

Kyk die DVD

Lees nou Matteus 5:43-48

*Liefde vir die vyand* (Lukas 6:27-28, 32-36)

43"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.'
44Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle
vervolg, 45sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son
opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en dié wat verkeerd
doen. 46As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag?
Maak die tollenaars nie ook maar net so nie? 47En as julle net julle broers groet, wat doen
julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?

48"Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is."

Laat iemand dieselfde stuk weer 'n keer uit die Nuwe Lewende Vertaling, of enige ander vertaling, lees.

1. Waaroor het die lees van hierdie gedeelte julle elkeen aan die dink gesit?

2. Wat moet iemand doen om jou vyand te word?:

   a ______________________________________________

   b ______________________________________________

   c ______________________________________________

   d ______________________________________________

   e ______________________________________________

   Wat sê hierdie lysie vir jou?

3. Wat sou die Bybel bedoel met vers 45?

4. Waarom is dit vir jou moeilik om jou vyand te seën, vir hom/haar te bid en goed te doen aan hom/haar?

5. Waarom is dit vir God belangrik dat ons ons vyand sal liefhê?

Besluit as groep hoe julle die beginsel van vyandsliefde prakties gaan uitleef t.o.v. seën, bid en goed doen.

- Identifiseer gehate persone in die gemeenskap en bid vir hulle.

**GEBEDSLYS:**


______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________



Geniet nou die lekker interaksie van saam kuier om 'n koppie tee of koffie (of eet saam).

**MAANDAG 26 Augustus** **Lees Romeine 2:1**

## My vyand is…

**Teks:** Romeine 2:1 Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat ‘n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor ‘n ander ‘n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat oordeel doen dieselfde dinge.

Louis L’Amour het op ‘n dag gesê dat daar ‘n tyd kom vir jou en my om te glo dat alles voltooi is. Dit sal ook die teken van ‘n nuwe begin wees. Paulus wys deur die teks dat God se soeklig na ons elkeen gedraai is met ‘n vraag oor waarom ons gedryf word om ander te oordeel en te dink ons lewens is beter terwyl ons self sondig.

Ons word dikwels gedryf deur gedagtes om iemand terug te kry vir ‘n optrede teenoor ons. As gelowiges wat onder die beheer van die Heilige Gees staan, kan ons nie ‘n gedeelte uit die Bybel skeur wat ons nie van hou en daarsonder leef nie. Die Woord en die Heilige Gees dryf ons om te erken dat ons ‘n saak moet afhandel deur nie mense weg te dryf van die koninkryk van God deur voortdurend ‘n geveg te soek nie.

Ons dryfveer vir ‘n nuwe begin is om op te tree vanuit liefde en nie om te oordeel nie want die maatband wat ons dryf, is die maatband waarmee ons gemeet gaan word.

**Gebed:** Here, leer my vandag om met u maatband van liefde te meet en leer my om deur die Heilige Gees die keuse te maak vir ‘n nuwe begin. Amen!

**DINSDAG 27 Augustus** **Lees Levitikus 19:18**

## My naaste is…

**Teks:** Levitikus 19:18 *“Jy mag nie wraak neem of ‘n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.”*

Die antwoord op die vraag wie jou naaste is, het ‘n legio antwoorde. Die Woord lig egter die antwoord uit as die persoon wat ons op die wyse behandel soos ons behandel wil word. In ander woorde, die naaste is die persoon wat ‘n armlengte van ons af staan in enige omstandigheid en situasie. Die fout wat ons begaan rakende ons naaste, is dat ons dink dit verwys net na iemand wat familie, ‘n vriend of ‘n volksgenoot is.

‘n Ander berekeningsfout is dat ons dink dit is reg om ons vyande te haat terwyl ons net ons naaste moet liefhê.

Daar is egter ‘n verskil tussen belangstel in jou naaste en om verbind te wees tot jou naaste. Wanneer ons net belangstel, is ‘n persoon ons naaste net wanneer dit vir my en jou geleë is. Wanneer ons egter verbind is tot ons naaste het ons geen verskoning om die persoon met respek te behandel nie. Die verhouding van afhanklikheid en begenadiging waarin ons tot God staan, word deur God van ons verwag tot ons naaste tot wie ons verbind is.

**Gebed:** Here, mag ek vandag die keuse uitleef om verbind te wees tot my naaste en leer my om my naaste te seën. Amen!

**WOENSDAG 28 Augustus** **Lees 1 Petrus 2:23**

## My lewensuitkyk is…

**Teks:** 1 Petrus 2:23 Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.

Murray Janson het die opmerking gemaak dat God nie boer met mielies, koring, druiwe en skape nie. Dit laat Hy aan ons oor. Hy boer met genade. Ons moet egter nie net ons vyande liefhê nie maar ook vir hulle bid. Wanneer ons vir ons vyande bid, is die getuienis van ons lewensuitkyk dat ons totaal en al op God vertrou en dat ons op die wyse die keuse maak om in die spore van Jesus Christus te volg.

Jesus se voorbeeld is dié van Iemand wat ons roep om presies te doen wat Hy reeds self ook gedoen het. Jesus het geweet wie Hom sou verraai en tog het Hy steeds ook Judas se voete gewas en die brood en wyn aan hom uitgedeel. Deur dié optrede van Jesus het Hy nie net dienende leierskap ten toon gestel nie, Hy het genade betoon.

Wanneer ons vanuit die perspektief van die mens na vyandsliefde kyk, maak niks sin nie. Alles maak sin vanuit die perspektief van God wat mense saam wil bind as begenadigde kinders van een Vader.

**Gebed:** Here, ek vertrou U alleen en maak die doelbewuste keuse om U betrokkenheid in my lewe uit te leef tot elkeen wat my lewenspad kruis. Amen!

**DONDERDAG 29 Augustus** **Lees Matteus 5:45[b]**

## My keuse is…

**Teks:** Matteus 5:45[b] *"Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen."*

Deur vergifnis kry ons 'n nuwe verlede en 'n vergeefde verlede. Ons word uitgedaag om nie ons sondes saam te dra nie maar om vergifnis te vra en die wonderwerk van vergifnis in ons te laat gebeur. God het geen witbroodjies nie en sy vergifnis is vir elkeen om te ontvang.

Dié optrede van God vra van ons om ook nie voorkeur behandeling vir die een bo die ander te gee nie. Elkeen is geregtig om die wonderwerk van vergifnis in hulle eie lewe te ervaar. Dié optrede getuig dat haat nie verder gevoed word met haat nie maar dat die persoon wat ek as my vyand ag, nader aan God getrek word deur ons optrede.

Die individue wat ons as ons vyande sien, is mense met vrese, seer en onsekerhede. Ons moet nie een oomblik stop en wonder of die individue God se genade waardig is en of hulle met liefde behandel moet word nie. Ons het die grootste opdrag ontvang en dit is om ons vyande lief te hê. Hierdie opdrag is gegee omdat God vertroue het dat ons daarin kan slaag.

**Gebed:** Here, dankie dat U my vertrou om my vyande lief te kan hê en op die wyse te kan getuig dat U geen persoon voortrek nie, maar elkeen toevou in U liefde. Amen!

**VRYDAG 30 Augustus** **Lees Efesiërs 5:1**

## My getuienis is…

**Teks:** Efesiërs 5:1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.

Die haat wat ons in onsself koester, laat ons vinnig fokus verloor op die liefde van God. Dit is egter onmoontlik om te getuig dat ons God met ons hele lewe liefhet, maar ons haat ons vyande.

Liefde vir jou naaste is nie 'n natuurlike liefde soos vir jou familie nie. Die liefde vir jou vyande is getuienis van die werking van die Heilige Gees in jou en my. Die onvoorwaardelike liefde vir elkeen wat ons seergemaak, teleurgestel, te na gekom en verwerp het, is die sigbaarmaking van die onvoorwaardelike liefde van God vir 'n stukkende en gebroke samelewing. Hierdie optrede getuig van opregte geloof in 'n God van liefde.

Die getuienis om die voorbeeld van Jesus Christus te volg, is die begin van verhoudinge en 'n gemeenskap waar liefde en vergifnis heers. In dié gemeenskap het haat en vergelding geen plek te vind nie. Hoop is lewendig vir elkeen met die eerste tree wat gegee word om die pad oor te steek na my en jou vyand. Dié optrede laat ons eerstehands beleef hoe die hemel se sluise oopgaan vir die kinders van God.

**Gebed:** Here, dankie dat U in hierdie stukkende en gebroke wêreld waarin ons woon na my, 'n flentermens, kom soek. Dankie dat U deur my vandag hoop vir ander is. Amen!

**SATERDAG 31 Augustus** **Lees Lukas 6:27b**

## Oorwin jou vyand

**Teks:** Lukas 6:27b *"Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word;"*

Met groot verbasing luister 'n soldaat hoedat generaal Robert E Lee 'n medeoffisier se goeie hoedanigheid aan ander uitwys. Na die tyd gaan hy na die generaal en sê vir hom: *"Generaal, het u nie geweet dat daardie man een van u grootste vyande is nie? Hy laat nooit 'n geleentheid verbygaan om u te benadeel nie."*

*"Ja, ek weet",* sê die generaal, *"maar ek is gevra wat ek van hom dink en nie wat hy van my dink nie."*

Is dit nou nie 'n uitsonderlike uitvoering van Jesus se opdrag nie, naamlik doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word? In plaas van 'n wrok teenoor iemand te koester, wat so terloops, jou liggaamlik en geestelik kan aftakel, maak hom eerder jou vriend en oorwin so die kwaad deur die goeie.

Augustinus het gesê: "*As jy ly onder die onreg wat 'n slegte mens jou aangedoen het, vergewe hom, anders is daar nog 'n slegte mens in die wêreld."*

**Gebed:** Vader, omdat ek na U aard wil ek my vyand liefhê, soos U my, ook eens U vyand, liefhet. Amen

WEEK 7

Sondag 1 September

# Die Sleutel tot die Vermoë om te kan Vergewe

**<u>Die wêreld sê</u>:** **Wees bitter teenoor mense wat die lewe vir jou bitter maak.**

**<u>Jesus sê</u>:** **Wees genadig teenoor mense wat jou seergemaak het.**

Kyk die DVD

Laat mense toe om op die DVD te reageer en vra die volgende vrae...

- Werk die beginsel van *“ ‘n oog vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand”* werklik? Motiveer jou antwoord.
- Wanneer het jy laas werklik kwaad geword, en wat het daartoe aanleiding gegee?
- Wat het jy met dié woede gedoen?

Sluit af deur aanbiddingsliedere te sing om jul vergifnis te vier.

Skriflesing: Matteus 6:14-15

Mat. 6:14-15 NAV [14]“As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. [15]Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

1. Hoe kon Jesus se lering die vroue gehelp het in die DVD waarna julle gekyk het?

2. Is vergifnis opsioneel? Wat sê die Skrif oor hoe belangrik vergifnis is?

3. God word in die Skrif as ’n vergewende God geopenbaar. Wat dink jy van Jesus se stelling dat die Vader se vergifnis gekoppel is aan ons bereidheid om te vergewe? Leer Jesus dat die Vader se vergifnis voorwaardelik is? Indien nie, wat leer Hy?




4. Hoekom het Jesus dié woorde gesê? Wat wil Hy hê moet ek en jy doen?

- As God se seuns en dogters in die wêreld moet ons sy karakter van genade en vergifnis uitbeeld. Dink aan iemand daar buite wat jou kwaad maak of wat jou dalk seergemaak of skade aangedoen het, en bid dat God jou die beste manier sal wys om vergifnis teenoor hulle te betoon.



- Sluitingsgebede: Bid oor enige behoeftes in die groep, jul gemeente of jul stad of dorp.



**Maandag 2 September** **Lees Matteus 18:15-20**

## Vergewe! - God is by jou

**Teks:** Matteus 18:20 *"...want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."*

In Matteus 18:21–35 vertel Jesus 'n verhaal, wat ons maklik kan laat sê: *"Onmoontlik!"*

Om te vergewe bly vir die mens vanweë sy selfgesentreerde aard nie iets makliks om te doen nie. Ons bly vaskyk teen die daad van kwaad en onreg wat die ander teen ons gepleeg het en die hoeveelheid seer en skade wat dit veroorsaak het.

Die logiese by ons is om net soos die amptenaar in hierdie verhaal te vergeet van die eie kwytskelding wat ons ontvang het en ander te forseer om die skade reg te stel of te kompenseer vir die seer wat ons aangedoen is of andersom om dieselfde seer of skade aan hulle te berokken.

Versoening is die werk van God. Dit blyk duidelik uit Paulus se verduideliking in 2 Korintiërs 5:14-21. God neem in die eerste plek inisiatief om versoening te bewerk en hou self sy werk in stand. Daarom is ons niks meer as gesante nie aan wie die bediening van versoening toevertrou word en waar twee of drie in die verband in sy naam bymekaar is, sê Hy dat Hy by hulle is.

Daarom is dit so belangrik om op die eerste dag van hierdie week waar ons op die noodsaalike pad van vergifnis en versoening gaan fokus, dié belofte van God vir ons toe te eien en saam met ons te vat.

As jou broer/suster verkeerd opgetree het teenoor jou, gaan sien hom/haar, neem nog een saam, sê dit selfs ook vir die gemeente… ja, sit alles in wat jy kan om daardie verhouding te herstel, maar die heel belangrikste: gaan in die naam van ons Here Jesus! Moenie bloot gaan as Jan, Piet, Sarie of Annie nie maar gaan as 'n nuwe mens wat die dinge van die ou mens afgelê het en erns maak met die gesindheid wat Jesus aan ons geopenbaar het. Gaan as't ware onder die versoeningskleed van Jesus en onthou wat Jesus talle kere belowe: *"Ek is by julle."* Dan betree ons God se wêreld waar die menslik onmoontlike, moontlik is.

**Gebed**: Here, vandag besef ek dat ek nie een tree sonder U kan gaan nie. Hiervandaan wil ek net in u Naam gaan! As ek onder u Naam uitglip, o Heilige Gees omvou my en soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerk invou, bring my weer terug na U toe. Amen.

**Dinsdag 3 September** **Lees Matteus 18:21 en 22**

## VSG—Vergifnis sonder grense

**Teks:** Matteus 18:22 Jesus antwoord hom: *"Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer."*

Weer eens is dit grootmond Petrus, die dissipel met wie baie van ons so kan identifiseer, wat aan die woord is. Die Rabbi's het die Jode geleer om diegene wat teenoor hulle oortree het tot selfs drie keer te vergewe. Petrus kom nou met 'n voorstel wat Jesus eintlik moes beïndruk het … selfs sewe keer? Jesus antwoord: *"Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer."*

Maak jy ook soms somme as dit by vergifnis kom? Wat Jesus leer is dat vergifnis niks met somme maak te doen het nie. Jesus verduidelik dit weer met 'n storie: 'n Koning het besluit om saam met sy amptenare sy boeke na te gaan. Die een se somme werk nie uit nie. Hy skuld miljoene! Hy pleit vir nog 'n kans en neem hom voor dat hy sy som sal laat klop. Die koning het hom jammer gekry en skryf al sy skuld af.

Dit blyk dat die amptenaar nie begrip het vir hierdie kwytskelding van al sy skuld nie, want toe hy buite kom, maak hy weer ‘n nuwe som. ‘n Medeamptenaar wat hom net ‘n paar rand skuld, kan dit mos terugbetaal. Dit is nie miljoene nie, maar ‘n klein bedraggie wat terugbetaalbaar is. Die medeamptenaar pleit, maar hy hou by sy som en dwing hom om alles te betaal.

Toe die koning daarvan te hore kom, was hy woedend en het hy die eerste amptenaar se kwytskelding terug-getrek en hom oorgegee om gemartel te word totdat al sy skuld betaal is. So sal ons ook nie kan vergewe as ons nie ophou om oor vergifnis somme te maak nie; as ons nie onder die indruk kom van ons eie som wat nie uitgewerk het nie en die onberekenbare kwytskelding van ons eie skuld nie. As ons dit verstaan, (lees ook 2 Korintiërs 5:14-21) behoort ons op te hou om somme te maak as dit by ander se skuld teenoor ons kom.

**VSG** – Vergifnis sonder grense! Dit is ons taak in hierdie wêreld!

**Gebed**: Here, leer my om ook soos U te kan vergeef. Maak my bereid om aan myself te sterf, dat ander U al meer in my kan sien. Amen. (Lied 284)

---

**Woensdag 4 September** **Lees Matteus 5:38-48**

---

## Vergifnis… ‘pay it forward’

My ‘*pay it forward’* van die vergifnis wat ek ontvang het, word getoets die dag as ek bereid is om my ander wang te draai as ek geklap raak; my boklere ook skade te ly as daar alreeds van my goed gevat is; ’n ekstra kilometer verder saam te loop as dié een wat ek alreeds nie wou nie; om te gee vir dié een wat iets van my vra; vriendelik te wees met die mense wat knorrig met my is en lief te raak vir dié van wie ek nie eintlik hou nie

Dis baie moeiliker om te vergewe wat jy nie wil nie, as om te moet vergewe wat jy nie kán nie. ‘*Maar om ’n Christen te wees, beteken dat ek bereid sal moet wees om die onverskoonbare dinge in ander te vergewe omdat Jesus die onvergeeflike in my vergewe het’* [CS Lewis 1898 – 1963].

In Matteus 5[38 – 48] verduidelik Jesus hoe ’n mens vergifnis uitleef in ’n elke dag samelewing. Jesus vra hier hoe gaan jy die vergifnis wat in jou is “*pay it forward”* in situasies waarin dié wat jy behoort te vergewe, jou eintlik minag of met jou werk asof jy hulle vloerlap is.

Om iemand op die regterwang te slaan[vs39b], beteken dat jy my met die agterkant van jou regterhand moet slaan. Dus om my ’n dwarsklap te gee om te wys hoe min jy van my dink. Hiermee wou Jesus weet, as iemand jou só minag vir wie jy is, hoe gaan jy daarop reageer. My natuurlike reaksie is om te wil terugklap, daai oog-vir-’n-oog en ’n-tand-vir-’n-tand-reaksie waarna Jesus verwys, want my menswaardigheid is mos op die spel. Jesus sê, nee eerder jou verstaan van vergifnis. Die dag as ek as Christen verneder word, is die vraag nie of ek dit kan vat om aanhou geklap te raak nie of wanneer kan ek begin terugklap nie. Om my ander wang vir jou te draai, sê eintlik, behandel my soos jou gelyke en nie soos jou vloerlap vir wie jy die dwarsklap bedoel het nie.

Met die ander drie voorbeelde vra Jesus dieselfde vraag van hoe lyk vergifnis as jou wil om te vergewe onder druk kom? Iemand wat jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis[vs40], verwys na die situasie in die destydse samelewing waar mense in die moeilikheid kom oor geld wat hul geleen of beloftes gemaak het wat hul nie meer kan nakom nie.

Hoe gaan jou vergifnis lyk as iemand anders hierdie verleentheid waarin jy is, wil uitbuit of misbruik? Iemand wat jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra[vs41], was enige Jood se grootste nagmerrie om as ’n Romeinse pakdonkie gespot te word. Judea en Galilea was destyds onder Romeinse beheer en soldate het die Jode probeer verneder deur hulle te dwing om hul bagasie vir ’n 1 000 treë ver te dra. Hiermee vra Jesus hoe gaan jou vergifnis lyk teenoor die boelies in die samelewing? Om te gee aan hom wat iets van jou vra[vs42], gaan nie oor hoe jy jou vriende en diegene wat jou kan terugbetaal, wil help nie. Maar Jesus wou hiermee weet hoe gaan jou vergifnis lyk teenoor die bedelaar en boemelaar op straat of by jou voordeur wat elke dag net met ’n ander verskoning vir nog ’n aalmoesie kom vra?

Oor hoe my vergifnis moet lyk teenoor diegene met wie ek 'n onklaarkomstigheid het, gee Jesus nie rêrig 'n antwoord nie. Daardie dag as dit oor jou pad kom, sê Jesus, sal jy as Christen die vergifnis wat in jou leef moet kan "*pay-it-forward*" sodat diegene wat dit ontvang kan ervaar dat die Here hulle ook onvoorwaardelik liefhet soos wat Hy vir jou liefhet.

O*m ander te vergewe, is ons belangrikste bydrae tot die heling van die wêreld waarin ons elke dag woon en werk*[Marianne Williamson].

**Gebed:** Here help my om te wil vergewe omdat ek weet dat ek vergewe is... die genade om die onreg wat teenoor my gepleeg is te kan vergeet en nooit weer daaroor te tob nie.

---

**Donderdag 5 September** **Lees Matteus 6:14-15**

---

## Die gevolge van om nie te vergewe nie

**Lees Matteus 6:14-15** [14]*"As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.* [15]*Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie."*

Jesus het ons geleer om te bid ***" vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe"***. Hy het dit nodig gevind om verder hieroor uit te brei en om te verduidelik wat die gevolge van onvergifnis is. Dit is baie ernstige gevolge, want ons kan onsself van die genade van God afsny. As ons nie vergewe nie – kan ek die vergifnis van God nie my eie maak nie. Dit is 'n lewensgevaarlike posisie om jouself in te bevind! Wanneer ons nie bereid is om te vergewe nie, plaas ons onsself in 'n selfgemaakte tronk.

In die gelykenis van die ongenadige dienskneg, was die meester woedend toe hy hoor dat die dienskneg, wat aan die ontvangkant van soveel vergifnis was, nie bereid was om te vergewe nie. "*Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het"* (Matteus18:34). Om onvergifnis in jou hart te koester is, om die minste te sê, 'n marteling.

Jy sal emosioneel voel asof jy gemartel word. Dit mag selfs 'n impak op jou fisiese gesondheid hê. Soos iemand gesê het: *"bitterheid is die gif wat jy drink met die hoop dat dit jou vyand sal vergiftig."* Dan is bitterheid ook nog aansteeklik! Dit kan ander om jou en selfs hele families aansteek! Word stil en spandeer tyd in nadenke. Vra dan die Heilige Gees om jou te wys waar daar areas van onvergifnis in jou hart is. Moenie 'n gevangene bly nie! *Don't remain imprisoned – release forgiveness to your offender and get freed.*

**Gebed:** Hemelse Vader, God van genade en vergifnis, dankie dat U my volledig en vryelik vergewe het. Dankie dat, al was my sonde soos skarlaken, U my so wit soos sneeu gewas het. Ek kies nou om my skuldenaars ten volle en vryelik te vergewe en vry te stel in Jesus se Naam. Amen!

---

**Vrydag 6 September** **Lees Matteus 18:21-22**

---

## Vergifnis in gebroke verhoudings

**Teks:** Matteus 18:21-22 [21]Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: *"Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?* [22]Jesus antwoord hom: *"Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer."*

Vergifnis gaan nie oor telling hou nie. Moenie eers probeer om boek te hou nie omdat vergifnis bedoel is om nie grense te hê nie. Dit is interessant dat die woord *"gee"* in die middel van die Afrikaanse woord *"vergifnis"* is. Vergifnis begin wanneer ons 'n moeilike maar veranderende keuse maak, maar dit eindig nie daar nie… Hierdie eerste keuse moet na vore kom in 'n lewenstyl van vergifnis.

Ja, jy mag jou eks vergewe het, maar hoe sal jy reageer die volgende keer wat hy nalaat om onderhoud te betaal? Of wat van daardie baas wat jy vergewe het… Hoe sal jy die volgende keer wat sy jou verkeerd opvryf, reageer? Die feit is dat daar sekere mense is wat ons eenvoudig nie kan vergewe en vergeet nie — hulle is in jou gesig en ons moet hulle kwetsende optrede, elke keer wanneer dit sy lelike gesig wys, hanteer.

Dus, die slegte nuus is dat jy vandag en môre en oormôre sal moet kies om te vergewe — sewentig maal sewe keer. Die goeie nuus is dat jy vry sal wees en dat daardie seer in jou hart gesond sal word en nie langer jou dae sal oorheers en jou nagrus sal versteur nie. Wie is daardie mens wat jou so gereeld seermaak? Kies om hom/haar ten volle en vryelik te vergewe, maar wy jouself terselfdertyd toe aan 'n lewenstyl van vergifnis.

**Gebed:** Jesus, U het die Vader gevra om selfs dié wat U aan die kruis vasgespyker het, te vergewe. Neem die gif en woede van bitterheid uit my hart en gee my u hart van vergifnis. Gee my die genade om die moeilike keuse te maak om te vergewe en die volharding om deur te druk en 'n lewenstyl van vergifnis te lewe. Amen!

---

**Saterdag 7 September** **Lees Matteus 18:21-35**

---

## Om myself te kan vergewe

**Teks:** Matteus 18:35 [35] *"My Vader in die hemel sal net soos hierdie koning met julle maak as julle weier om mekaar van harte te vergewe ."* Uit Die Boodskap vertaling, CUM Boeke

Die meeste van ons glo dat vergifnis 'n wonderlike idee is en dat dit ook ewe reg en noodsaaklik in die samelewing is, totdat ek die dag iemand moet vergewe [CS Lewis 1898 – 1963].

Dis presies waaroor dit in 'n gesprek tussen Jesus en Petrus op 'n stadium in Matteus 18[21 – 35] gegaan het. Toe Petrus wou weet tot waar en wanneer 'n mens iemand anders behoort te kan vergewe, het Jesus hom baie duidelik laat verstaan dat 'n mens vergifnis nooit kan meet in terme van hoeveel of tot waar nie. Om te verduidelik wat Hy daarmee bedoel het, het Jesus 'n gelykenis vertel van iemand wie se onberekende groot skuld vergewe is, maar wat nie iemand anders se berekende skuld kon vergewe nie. Dis net so absurd as om te verwag dat die Here jou moet vergewe, maar jy kry jouself en die mense om jou nie vergewe nie [vers 35].

As 'n mens fyner na die gelykenis luister, kom jy agter dat hier 'n *'gaping'* in die gelykenis voorkom wat verduidelik waarom ons so met vergifnis sukkel. Die eerste persoon in die gelykenis wat hoor dat die koning hom sy onberekenbare skuld vergewe het, wys nêrens enige vreugde of dankie sê of viering daarvan nie. Hy ervaar nie dat hy werklik vergewe is nie, daarom sy absurde voorstel van '*gee my nog 'n laaste kans om al my skuld terug te betaal'* [vers 26]. En omdat hy nie in homself rêrig vergifnis ervaar het nie, kon hy dit ook nie "*pay it forward"* na enige iemand anders toe nie [vers 28vv]. Vergifnis het nie te doen met of ek kan terugbetaal wat ek skuld nie, maar eerder of ek die *genade om vergewe te word*, wat ek nie kan verdien nie, kan ontvang én ook kan weggee aan ander, wat net soos ek dit ook nie kan verdien of werd wees nie.

Die gevolgtrekking in vers 35 wil juis sê dat vergifnis met 'n *hartsverandering* te make het wat nie op 'n *quid pro quo* basis bereken kan word nie. Oprah Winfrey het eenmaal gesê... "*true (self)forgiveness is to forget that you can ever change the past, about that you can merely say 'thank you for the experience' and move on*".

Wat Jesus met hierdie gelykenis (Matteus 18) wou weet, is *hoe leef ek, wat klaar vergewe is, tussen ander mense wat nog vergewe moet word*? Of, *om vergewe te wees, het niks te doen met wie met of sonder skuld is nie, maar eerder hoe om met ander mense te kan klaarkom wat nog vergewe moet word*. Dit kan ek net doen as ek weet wat dit is om self vergewe te wees. Iemand het eenkeer gesê.: *"om te vergewe is om 'n gevangene vry te stel en dan uit te vind dat die gevangene toe al die tyd ekself was."*

**Gebed:** Here, dankie dat vergifnis mense heelmaak, dié wat vergewe is en dié wat nog vergewe moet word. Amen!

# WEEK 8
## Sondag 8 September


# Die Sleutel tot 'n Positiewe Gees

**<u>Die wêreld sê:</u>** Wees skerp en reguit oor ander se foute. Skinder daaroor.

**<u>Jesus sê:</u>** Moenie ander veroordeel nie!

- Waaroor is jy onrealisties sentimenteel? (iets waaroor ander mense net hulle koppe kan skud, dat jy soveel geld en tyd dááraan sou uitgee)
- Laat die groeplede kommentaar lewer op die onderstaande prentjie, veral met betrekking tot die effektiewe getuienis van die kerk.

LIEFDE/WAARHEID



LIEFDE/WAARHEID

Vertel vir mekaar wat die Here in die laaste tyd vir julle gesê het. Sing dan liedere tot eer van die Here. Vra die Here in gebed dat Hy duidelik met ons sal praat vandag.

Kyk die DVD. Watter gedagtes het die DVD by julle wakker gemaak?

**Lees Johannes 8:1-11**

1 ... maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. 2 Die volgende môre vroeg was Hy weer in die
tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer. 3 Die skrif-
geleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel
van die kring mense staan. 4 Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad be-
trap waar sy owerspel gepleeg het. 5 Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig,
maar u, wat sê u?" 6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle
Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. 7 Toe hulle aan-
hou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon
gewete het, eerste 'n klip op haar gooi." 8 Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. 9
Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is
alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. 10 Toe het Hy regop
gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou vol-
trek nie?" 11 "Niemand nie, Here," sê sy. Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet
van nou af nie meer sonde doen nie."

1. Watter woorde en frases tref jou? Wat lê die Here op jou hart?



2. Die Fariseërs het in hierdie situasie 'n paar gróót foute gemaak. Wat sien julle raak?

3. Een van hulle sou kon sê: *"Al wat ons doen, is om die hoë standaarde wat die Woord vir ons gee uit te voer"* (verse 4 & 5). Wat is Jesus se reaksie daarop?

4. Jesus kies vir *genade*. Verlaag Hy daarmee God se standaarde?

5. Wat is die verskil tussen *oordeel* (1 Korintiërs 5:12 en 13) en *veroordeel*?


6. Hoekom (dink julle) is dit soms so lekker om krities te wees en oor ander te skinder?

7. Wat gebeur met 'n mens as jy voortdurend krities lewe, met alles en almal fout vind? Gesels eers en dan lees julle ook Matteus 7:1 en 2.

8. Waar hoor julle dikwels negatiewe, kritiserende gesprekke? Hoe moet ons as kinders van die Here sulke gesprekke hanteer?

9. "*Ernstig oor standaarde en sag op mense*". Wat sê julle van dié stelling?

Skryf hier 'n gebed neer waarin jy God antwoord op wat Hy vandag in hierdie groep vir jou uit Sy Woord geleer het.



Ruil telefoonnommers uit (2/2) en skakel mekaar in hierdie week om mekaar te herinner om nie onnodig krities te leef nie.



Doen nou ook voorbidding vir al die ander behoeftes in julle gemeente en gemeenskap.

**MAANDAG 9 September** **Lees Matteus 7:1-2**

## Moenie oordeel nie

By tye lyk dit of Jesus selfs onredelike eise stel. Hy sê goed wat ek wens Hy eerder nie moes sê nie! Eerstens, sê Hy dat ek sekere goed moet opsê wat ek geniet. Dan eis Hy dat ek bereid sal wees om my regte en voorregte op te gee. Hy vra verder absolute, onbetwiste gehoorsaamheid en dan nog laat Hy ons nie toe om weerstand te bied teen hulle wat ons skade aandoen nie – Hy beveel ons eerder om hulle lief te hê.

Die laaste vesting wat ek kan gebruik om my eie belange te beskerm, is my vermoë om te veroordeel. Ook hierdie aanvalswapen of verdedigingsmeganisme word deur Jesus uit my hand geneem. Om ander te veroordeel is 'n gunsteling tydverdryf vir baie Christene, om neer te sien op ander en mense te veroordeel vir hulle sieninge, persoonlike gewoontes en politieke affiliasies, is aan die orde van die dag.

Dalk ken jy so 'n iemand of is jy selfs by tye so 'n iemand met 'n kritiese ingesteldheid - wat lief is om mense te kritiseer; hulle is te vet omdat hulle te veel eet en as hulle te maer is, is hulle so omdat hulle dalk 'n geheime siekte het; om hulle te kritiseer oor die manier hoe hulle loop, praat en aantrek. Wanneer die predikant te lank preek, is dit omdat hy langdradig is, as hy te kort preek, is dit omdat hy onvoorbereid is. So word ander mense in 'n swak lig gestel. In eenvoudige taal beteken dit om te skinder!

Jesus sê egter: "*Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie*" (Matteus 7:1).

Hoe beleef mense jou? Dalk as veroordelend en met 'n kritiese gees? Of probeer jy om ondanks die foute van mense nog steeds waardering te betoon teenoor hulle?

**GEBED:** Here, vrywaar my van 'n kritiese en veroordelende gees. Vergewe my waar ek ander deur my woorde en optrede in 'n swak lig gestel het. Leer my om al hoe meer die gesindheid en ingesteldheid te hê van ons Verlosser en Here, Jesus Christus. Help my om nie te veroordeel nie. Amen.

---

**DINSDAG 10 September** **Lees 1 Petrus 4:17-18 & Romeine 2:1-3**

## Veroordeling begin by ons

Ons is so geneig om ander in 'n swak lig te stel sodat ons beter kan voel. Wanneer ons dit nie maak nie, is ons geneig om ander te kritiseer en te verkleineer. Jesus het egter sterk woorde vir mense met 'n kritiese gees wat altyd foutvind en vinnig is om ander se gebreke en tekortkominge onder die vergrootglas te plaas.

Hy leer ons om by onsself te begin – om eerder die balk in ons eie oog raak te sien as die splinter in ander se oë. Dis nogal opvallend dat juis die dinge wat ons kritiseer en wat ons irriteer, juis dié goed is waarmee ons self sukkel. My kind wat net soos ek is, is meestal die kind met wie ek die meeste vassit.

Paulus sê in Romeine 2:1 die volgende: *"Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge."*

Eerlike selfondersoek word dus gevra. Kom ons begin by onsself voordat ons ander veroordeel. Wanneer ons onsself ondersoek, sal ons meer verdraagsaam en vergewensgesind wees teenoor ander se foute.

**GEBED:** Here, leer my om eerlik te wees met myself, om te begin by myself voordat ek ander veroordeel. Dankie, dat U met my eie swakhede medelye het, en met u lewe betaal het vir my sondes en tekortkominge. Amen.

**WOENSDAG 11 September** **Lees Johannes 13:34-35**

## Christene moenie mekaar veroordeel nie

Jesus spreek die Fariseërs (kerkleiers) skerp aan vir hulle kritiese gees (hulle beoefen die wet sonder liefde). Dis ongelukkig waar dat die plek waar mense die seerste kry in die kerk is. Dit is 'n hartseer feit dat baie Christene nie met mekaar oor die weg kan kom nie. Duisende kerke het al uitmekaar geskeur omdat medegelowiges nie kan saamwerk nie. Om medegelowiges te beskinder, om agter hulle rug te praat en hulle sleg te sê voor ander, is standaard praktyk by sommige gelowiges en gemeentes. Wanneer die wêreld kyk na sommige kerke, kry hulle die idee dat Christene mense is wat nie met mekaar oor die weg kan kom nie en gedurig onder mekaar baklei.

Die Kerkgeskiedenis vertel van die onderlinge struweling tussen die Rooms Katolieke kerk en die Grieks Ortodokse kerk. Daar word vertel dat toe hierdie twee kerke bymekaar gekom het om met mekaar ooreen te kom oor hulle posisie by die tradisionele plekke van Jesus se geboorte en kruisdood in Betlehem en Jerusalem, hulle mekaar so met bitterheid gehaat het dat Mohammedaanse soldate hulle uitmekaar moes hou sodat gewelddadige botsings nie plaasvind nie.

Juis daarom sê Jesus in Johannes 13:35 dat mense sal sien dat ons sy dissipels is, as ons mekaar liefhet. In Johannes 17, die hoëpriesterlike gebed, bid Jesus vir eenheid. Waar daar verdeeldheid en 'n kritiese gees is, kan daar nie liefde wees nie. Ons kerke sal nooit sterk in geloof wees wanneer gelowiges, in plaas van om te stry vir die Evangelie, in stryd is met mekaar nie!

**GEBED:** Here, werk so in ons harte deur die werking van u Gees dat ons as gelowiges mekaar innig sal liefhê, sodat mense kan sien dat ons u dissipels is. Vrywaar ons van seflsugtige bedoelings en eiewaan. Bind gelowiges saam tot 'n eenheid om as verenigde front saam te stry in diens van die Evangelie. Amen.

**DONDERDAG 12 September** **Lees Matteus 7:1-5**

## Moenie oordeel nie… jy sal met dieselfde maat geoordeel word

Jesus se woorde klink hard op ons ore. Met dieselfde maat waarmee ons ander oordeel, sal ons geoordeel word. Dit is inderdaad woorde uit die mond van Jesus wat ons wens Jesus nie sou gesê het nie! Maar of ons dit wil hoor of nie, die boodskap is duidelik.

As ons hiperkrities teenoor ander is, sal ons op dieselfde wyse deur God geoordeel word. As ons geneig is om fout te vind met die kleinste van dingetjies, is dit die manier hoe God ons ook gaan behandel. As gelowiges moet ons weet dat elke keer wanneer ons sulke lelike waardeoordele oor mense maak, Jesus eintlik vir ons sê dat met dieselfde maat waarmee ons andere meet, ons geoordeel sal word.

Ons moenie ander oordeel nie, want ons kan self 'n erger probleem hê. Jesus sê dat ons die splinter in 'n ander se oog maklik raaksien, maar die balk in ons eie oog graag miskyk (Matteus 7:3-5). Dit is maklik vir ons om die foute in ander se lewens uit te wys maar dit is moeilik om ons eie foute raak te sien, veral as dit dieselfde tipe foute as ons eie is. Ons sal daarom die balk in ons eie oog wat ons uitsig totaal versper, moet verwyder, voordat ons regverdig kan oordeel oor ander se lewens.

**GEBED:** Here, weerhou my van 'n hiperkritiese gees. Leer my om eerder dit wat skeiding maak tussen U en my raak te sien, en dit in u Naam te verwyder. Maak my 'n skoon kanaal van u liefde, sodat ek vir ander tot 'n seën kan wees. Amen.

**VRYDAG 13 September** **Lees Jakobus 4:11-12 & Romeine 12:19**

## Laat die oordeel aan God oor

Dis God se werk om te oordeel, nie ons s'n nie. God is die enigste regverdige Regter. God en God alleen het perfekte oordeel omdat slegs Hy al die feite ken. God alleen ken die moeilike omstandighede van daardie persoon wat ons so afmaak en veroordeel. Onlangs het 'n bekende gestremde atleet die voorblaaie van koerante gehaal met die tragiese dood van sy vriendin. Van alle kante word hieroor vryelik opinies uitgespreek, soms in groot onkunde omdat die ware feite nie bekend is nie.

In Romeine 12:19 sê Paulus duidelik: *"Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God."* Jakobus sluit hierby aan as hy sê: *"Daar is maar een Wetgewer en Regter, en dit is Hy wat die mag het om te red en te verdelg. Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?"* (Jakobus 4:12).

Ons het nie die reg om neer te sien op iemand en self regter te speel nie. Paulus spreek hom hieroor uit as hy in Romeine 14:10 sê: *"Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn."*

Kom ons weerhou ons daarvan om sommer ligtelik 'n oordeel te fel as ons nie werklik al die feite ken nie. Kom ons laat die oordeel eerder aan God oor want Hy is 'n regverdige Regter.

**GEBED:** Here, plaas 'n wag voor my mond om nie te vinnig 'n oordeel oor 'n persoon uit te spreek nie. Dankie Here dat ek in so 'n geval daardie persoon in liefde aan U kan opdra, en gerus die oordeel aan U kan oorlaat. Amen.

---

**SATERDAG 14 September** **Lees Johannes 4:1-5**

## Daar is 'n fyn lyn tussen oordeel en onderskeiding

Daar is 'n fyn lyn tussen oordeel en onderskeiding; om sonde in ander se lewe te veroordeel of om dit maar net subtiel oor te sien. Nie-Christene en die wêreld misbruik Jesus se uitspraak in Matteus 7:1 dat ons nie mag oordeel nie tot hulle eie voordeel. Wanneer Christene sosiale euwels in die samelewing aanspreek, haal die ongelowige wêreld hierdie uitspraak van Jesus gou aan.

Moet Christene dan nou swyg terwyl die leuen hoogty vier? Dis juis dan wanneer die noodsaaklikheid van onderskeiding inkom. 1 Johannes 4:1 sê duidelik dat daar baie vals profete in die wêreld is, en dat ons as gelowiges elkeen moet ondersoek of sy gees van God afkomstig is. 1 Johannes 4:6 doen 'n beroep op ons om tussen die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer te *onderskei*.

Wanneer ons onderskei tussen goed en kwaad, is ons gesindheid en ingesteldheid egter van kardinale belang. Dit beteken dan om *"die waarheid in liefde"* te praat. In sport het ons die stelreël *"speel die bal en nie die man nie."* Die Engelse taal druk hierdie gedagte duidelik uit met die woorde: *"Handle the issue, not the problem."*

Dit wat nie van die Here is nie, moet deur ons uitgewys word. Christene is die gewete van die samelewing. Maar dan mag ons dit nooit doen in die gesindheid van selfverheffing nie. Ons moet eers in eerlike selfondersoek die balk uit ons eie oog haal, dan eers sal ons volgens Jesus se woorde *"goed kan sien"* om te kan onderskei tussen reg en verkeerd.

**GEBED:** Here, gee my die wysheid om te kan onderskei tussen die fyn lyn van oordeel en onderskeiding. Help my om die waarheid in liefde te hanteer. Gee my die moed om dit wat verkeerd is op die regte wyse te hanteer. Bewaar my van enige selfverheffing en 'n gees van veroordeling. Amen.

# WEEK 9
## Sondag 15 September

# Die Sleutel tot Egte Godsdiens

**Die wêreld sê:** Loop die lekker paadjie; daar's nie regtig 'n hemel nie.
**Jesus sê:** Die paadjie hemel toe is baie nou en die wat ingaan is min.

- Ons het verlede week gepraat oor die woorde van Jesus wat sê dat ons nie ander mense moet oordeel nie. Hoe het dit vir jou gevoel om genadig oor mense te dink en te praat? Kon jy dit regkry om eerder na mense se mooi te kyk as na hulle foute?

- Ons praat baie oor die Here Jesus as ons **Verlosser** en **Herder**, maar iets wat 'n mens nogal bangmaak is dat Hy ook die **REGTER** gaan wees wat gaan OORDEEL oor jou geloof en gehoorsaamheid aan Hom. Hoe voel jy hieroor? (*42 Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies."* Handelinge 10:42-43. Lees ook: Johannes 12:48; 2 Timoteus 4:1).

Kom ons deel met mekaar woorde of wyshede of liedere oor Jesus wat vir jou kosbaar is. Elkeen in die groep kan 'n geleentheid kry om iets besonders van Jesus te deel met mekaar.

'n DVD inleiding wat die teks verduidelik.

Skriflesing: **Matteus 7:21-28**

21 "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar
net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. 22 Baie sal daardie dag vir My sê:
'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur
u Naam baie wonders gedoen nie?' 23 Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken
nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.

24 "Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met
'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. 25 Die stortreën het geval, vloedwaters het
afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie,
want die fondament was op rots. 26 En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie
daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het. 27 Die
stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan
geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes."

28 Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, 29 want Hy het hulle
geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.

Lees hierdie gedeelte twee keer rustig deur: een keer saam (hardop) en die tweede keer elkeen stil, op sy/haar eie.

1. Wat staan vir jou uit nou dat jy hierdie gedeelte by herhaling gelees het?

2. Wat dink jy wil die Here Jesus vir jou persoonlik sê?


3. Die sleutel vir verlore/gered sit in die ken van vers 24. Wat beteken dit?

4. Die egtheid van die ken-verhouding met die Here word getoets. Wat is dit volgens verse 21 en 23?

5. Wat sê jy van hierdie stelling? *"Baie mense wat seker is dat hulle gered gaan word, gaan verseker nie gered word nie."*

6. Hoe word egte geloof sigbaar in 'n Christen se lewe? Probeer hier die belangrikste aspekte van die uitleef van jou geloof hier vir mekaar sê.


   Gesels eers, dan kyk julle na Miga 6:8, Titus 1:16 en Johannes 10:27-29.



7. Wat is die skade wat valse (onegte) gelowiges doen?

8. Watter waarskuwing en seën sit daar in verse 24-27? Wat beteken dit prakties vir ons?

Wat wil jy graag vir die Here Jesus in gebed antwoord ná hierdie gesprek? Skryf dit hier neer:



**Maandag 16 September** **Lees Eksodus 33:7-17**

## Om na die wil van God te vra is baie belangrik!

**Teks:** Eksodus 33:7, 11[a] [7]Moses het 'n tent gevat en dit ver buite die kamp gaan opslaan. Hy het dit die tent van ontmoeting genoem. Elkeen wat na die wil van die Here wou vra, het na die tent van ontmoeting buite die kamp gegaan. [11]Die Here het direk met Moses gepraat soos 'n man met sy vriend.

Ek kan nie sê ek ken iemand voordat daar nie 'n verhouding tussen my en daardie iemand is nie. Ek kan nie sê ek ken iemand as ek nie al saam met iemand geleef het nie. Dis mos eers wanneer 'n mens saam met iemand lééf dat jy ontdek wat is vir so iemand belangrik. En wanneer jy ontdek wat vir iemand belangrik is, dan begin jy iemand regtig ken.

Die eintlike toets of ek iemand ken, is wanneer so iemand daarvan sal getuig, omdat hy oortuig is dat ek regtig vir hom lief is en saam met hom al 'n pad geloop het en regtig belangstel in wat vir hom belangrik is.

En dis dieselfde met God. Om te sê ek ken vir God moet ek 'n verhouding met God hê en moet ek saam met Hom lééf. Ek moet wéét wat vir Hom belangrik is en ons moet gereeld met mekaar praat. Ek met Hom en Hy met my….

In die geskiedenis van Moses wat jy gelees het, kon 'n mens sien hoe 'n persoonlike verhouding Moses met die Here God gehad het. Selfs die hele volk kon daarvan getuig.

Wat vir my aangrypend is, is die moeite wat Hy gedoen het om met die Here te verkeer en om veral uit te vind wat sy wil is. Hy het 'n tent van ontmoeting gebou en wanneer daar deur iemand gewonder is oor wat die Here se wil is, het hy na die tent toe gegaan om met die Here te praat soos met 'n vriend. In daardie tyd wat hy met die Here gepraat het, het die wolkkolom oor die tent neergedaal en het die hele volk opgestaan uit respek vir wat daar in die tent gebeur.

Is jy en die Here gedurig besig om mekaar te ontmoet? Is julle soos beste vriende en luister jy graag na wat sy wil is vir jou?

**GEBED:** Here, ek wil baie naby aan U lewe. Ek wil U baie goed leer ken en veral wat vir U belangrik is. Ek kan nie lewe sonder U nie. Amen.

**Dinsdag 17 September** **Lees Johannes 3:31-36**

## Om te glo in Jesus is om gehoorsaam te wees aan Jesus!

**Teks:** Johannes 3:36 [36]*"Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom."*

Ek wil jou vertel van die dag toe ek op pad was lughawe toe omdat ek die vliegtuig op 'n sekere tyd moes haal. Toe ek weer sien, was ek al ver verby die lughawe. Ek het 'n hele halfuur lank die verkeerde pad gery. Omdraai was toe baie moeilik want ons was op 'n hoofweg. Terwyl ek weet ek ry in die verkeerde rigting, het ek besef ek kan dalk my vliegtuig verpas. Ek het al hoe benouder geraak. Gelukkig was daar nog tyd vir my om betyds by die lughawe te kom.

En dis presies wat die Here Jesus vir ons sê in ons teksgedeelte dat ons baie seker moet maak of ons regtig glo in Hom, want geloof het 'n spesifieke betekenis. Ons teksgedeelte sê: *"Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op Hom."* Dit beteken: geloof is om GEHOORSAAM te wees aan die Here Jesus.

Om Jesus aan te neem in die geloof is om Hom aan te Neem as Here en Verlosser. *"Here"* (kurios) beteken dat Hy my Koning is aan wie ek behoort en aan wie ek gehoorsaam is.

Die toets of jy waarlik glo, sal wees as jy weet jy is regtig iemand wat streef na gehoorsaamheid en wat 'n diep berou het as jy ongehoorsaam is. Opsetlike ongehoorsaamheid aan die Here moet geen genade van Jesus verwag nie.

Jesus was immers vir ons die volmaakte voorbeeld van gehoorsaamheid toe Hy teen sy sin tog besluit het om enduit aan die Vader gehoorsaam te wees; daarom het die Vader vir Hom 'n ereplek in die hemel gegee!

**GEBED:** Here Jesus, ek besef vandag al hoe meer hoe belangrik gehoorsaamheid aan U is. Daarom wil ek graag my sonde van hardkoppigheid bely en vra dat U my sal vergewe dat ek nie altyd doen wat U wil nie maar wat ek voel vir my OK is. Dankie dat u voorbeeld van gehoorsaamheid aan die Vader my riglyn is en ek vra dat U deur u Gees my sal help om dadelik te besef wanneer ek op die verkeerde pad is. Dankie vir u genade en vergifnis ook vir my. Amen.

---

**Woensdag 18 September** **Lees Psalm 51:1-8**

---

## Laat ek diep in my binneste weet wat U van my verwag!

**Teks:** Psalm 51:8-9 [8]*"Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe.* [9]*Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees."*

Elkeen van ons het 'n diep binneste! Jy weet waarvan ek praat! Dis daar diep binne in jou diepste wese waar jy dinge dink wat net jy en die Here van weet. 'n Mens vergeet soms van Jesus wat alles van 'n mens weet, en dan laat gaan jy jou gedagtes na plekke waar die duiwel jou heen lei. As jy dan jou gedagtes aanhou koester, gaan dit oor in dade waaroor jy jou later vreeslik moet skaam.

As Dawid skryf oor opregtheid diep binne in 'n mens se diepste binneste, is dit presies wat met hom gebeur het toe hy nie meer opreg was daar diep in sy binneste nie. Hy het heel onskuldig van sy dakstoep af gesien hoe Batseba bad in haar agtertuin en begin gedagtes koester wat nie reg was nie. Hy was immers getroud en Batseba ook, maar niemand weet mos van 'n mens se gedagtes nie en wat is dan nou so verkeerd om na 'n mooi vrou te kyk en om allerhande gedagtes oor haar te koester, sou die duiwel vir Eva ook gevra het.

En voor Dawid hom kon kry, het hy 'n heel onskuldige plannetjie gemaak om hierdie mooi vrou te ontmoet, want 'n man is mos nou nie 'n klip nie. En nog voor hy kon keer toe staan die rooi rok voor die deur en was dit so moeilik om die verkeerde dade te keer… Die uiteinde daarvan was baie sleg en Dawid moes tot groot vernedering en skaamte erken van die sondes wat begin blom en vrug dra het.

Alles het begin daar diep binne in sy gedagtes. Sy seun Salomo skryf ook later dat 'n mens moet tog *"baie versigtig wees met wat in jou gedagtes gebeur, want dit bepaal eintlik jou hele lewe"* (Spreuke 4:23). In ons teksvers bid Dawid dan*: "Ag liewe Here, help my om selfs my gedagtes rein te hou, om altyd opreg te wees selfs daar diep binne in my hart se donkerste kamertjies. Lei my Here om te dink wat U wil hê ek moet dink."*

Kan ek jou maar vra? Hoe gaan dit met jou daar diep in jou binneste?

**<u>Gebed:</u>** (Skryf jou eie gebed hier neer)

**Donderdag 19 September** **Lees Hebreërs 11:5-6**

## Leef só, dat mense kan getuig dat jy leef soos God dit wil!

**Teks:** Hebreërs 11:5 [5]Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou.

Om te lewe in die geloof en om te lewe soos wat God dit wil is dié regte sleutel wat jy nodig het om die hemelpoorte te betree. Daarvan getuig die lewe van Henog dat die Here hom sommer so lewend opgeneem het hemel toe. Ons weet dat dit ook met Elia en met Jesus gebeur het. Die een sentrale waarheid wat oor al drie gesê kan word is dat hulle baie naby aan die Here geleef het, meer nog met God gewandel het. Wat leer ons hieruit?

**NOMMER EEN:** Om te leef in die geloof en nie deur dit wat jy sien nie (2 Korintiërs 5:7). Vir Tomas het Jesus gesê: *"Gelukkig is jy wat sien en glo, maar nog meer gelukkig is hulle wat glo en nie gesien het nie" (*Johannes 20:29).

**NOMMER TWEE*:*** *"Laat julle lewe deur die Gees van God beheer word…"*en wees versigtig vir die begeertes van die sondige natuur. Om deur die Gees van Jesus wat in gelowiges woon, gelei te word, is 'n proses van oorgawe en gehoorsaamheid aan die Gees wat veral deur die Woord en medegelowiges ons wil lei.

**NOMMER DRIE:** Ons moet in die lig loop (Efesiërs 5:8) want ons is kinders van die lig en ons moet die lig van Jesus wat op ons skyn, uitstraal in die wêreld.

**NOMMER VIER:** Ons moet lewe in ooreenstemming met die roeping wat ons ontvang het (Efesiërs 4:1). God roep elkeen van sy kinders om waardig te leef en in die voetspore van Jesus te leef.

**NOMMER VYF:** Ons moet in gehoorsaamheid leef (Handelinge 9:31). Elke gedagte en elke woord van ons moet ons toets of dit gehoorsaam is aan die Here Jesus self. Dit moet vir ons 'n voorreg wees om gehoorsaam aan die Vader te wees soos Jesus.

**NOMMER SES:** Ons moet in die liefde lewe (Efesiërs 5:2). Soos wat Jesus ons liefhet moet ons ook mekaar liefhê. Ons hele lewe moet met die liefde van Jesus, wat die Gees oor ons uitgestort het (Romeine 5:5) deurdrenk wees.

**GEBED:** Here Jesus ek wil met U wandel… Amen.

**Vrydag 20 September** **Lees Jakobus 4:7-9**

## Gee die beheer van jou lewe oor aan Koning Jesus!

**Teks:** Jakobus 4:7 [7]Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.

Ek wil so graag die Here liefhê met my hele hart en my hele siel en met my hele verstand en met al my kragte, maar ek vang myself dat ek so gou vergeet van my voornemens. As ek weer sien, het ek so besig geraak met mý dinge en met die gejáág van die lewe en met al die uitdagings van elke dag. As ek vir 'n oomblik *"stil word"* en myself oriënteer, besef ek dat as ek nie nou versigtig is nie, kan ek teen die afgronde van die lewe afjaag en myself baie seermaak.

Die voorreg wat ons het, is dat Jesus deur sy Gees ons wil help op ons pad. Hy wil ons beskerm teen gevare en ons sterk maak vir die aanslae van die duiwel.

Die grootste waarheid wat ons by Jesus geleer het, is dat Hy nooit sonder sy Vader enigiets aangepak het nie. Hy was totaal en al oorgegee aan sy Vader en het Hom in alles geken deur gedurigdeur te bid.

Juis daarom is dit belangrik dat ek elke dag al hoe meer moet seker maak dat ek nie my lewe alleen leef nie, maar dat Jesus alles saam met my wil doen. Maar om Jesus deel van my lewe te maak, moet ek myself onderwerp aan God, soos Jesus. En *"onderwerp"* beteken dat ek Hom moet innooi as my Eregas in my lewe, erken as die Leidsman van my lewe en Hom gehoorsaam as die Koning van my lewe.

As ek dan die gevare teëkom en die duiwel self daarin sien, dan kán ek die duiwel teëstaan soos wat Dawid die grote Goliat teëgestaan het. En Hy het hom teëgestaan in die Naam van die Here wat Hom altyd gehelp het en weer sal help. Die interessante is dat wanneer ek die duiwel aanvat in die Naam van Jesus, vlug hy weg soos 'n lafaard omdat Hy baie bang is vir Jesus wat ons help.

Ek wil jou vra: Is jy oorgegee aan die Here Jesus? Is jy elke sekonde van jou lewe oorgegee aan Hom?

**GEBED:** Here Jesus, ek dank U dat U regtig saam met my wil leef elke sekonde van my lewe. Dankie dat ek my sondigheid en swakheid voor U kan bely en dat U my elke sekonde se God wil wees. Ek onderwerp my weer 'n keer aan U en ek vra Here, mag ek en U mekaar baie goed leer ken in my lewe? Amen.

---

**Saterdag 21 September** **Lees Markus 1:16-20**

---

## Gee die beheer van jou lewe oor aan Koning Jesus!

**Teks:** Markus 1:18 [18]Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg.

As **Jesus** nou voor jou sou staan en jou in die oë kyk en vir jou sê: *"Kom hier volg My?"* , wat sal jou reaksie wees? Jesus het langs die see verbygeloop toe roep Hy vir Simon en Andreas waar hulle besig was om te werk en Hy sê vir hulle: *"Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."*

Simon en Andreas het hulle werk net so gelos en Jesus gevolg. 'n Bietjie verder aan het Jakobus en Johannes selfs hulle pa net so agtergelaat.

Hierdie Simon wat Hy eerste geroep het om Hom te volg, is dieselfde Simon Petrus wat op die water geloop het en wat net voor die kruisiging Jesus verloën het. Simon se *impulsiewe geaardheid,* maak menslik gesproke hom beslis nie die *beste kanditaat nie,* maar Jesus roep juis vir hom. En daar trek hy met sy boetie agterna… (Toe die Heilige Gees drie jaar later oor hom uitgestort is, was hy eers vuur en vlam...).

**Nou kom dit waarvoor jy gewag het!**

Ja, Jesus roep ook vandag vir jou om Hom te volg. Jy weet hoe lank Jesus al vir jou roep en jy sê dalk: *"Ek kan nie, ek is te oud* (Moses was ook al baie oud), *te jonk* (Timoteus was ook), *te onkundig en te besig"* (die vissermanne was ook).

- Hy roep die jonge Samuel om sy boodskap te dra – hy was baie jonk.
- Hy roep David Livingstone by sy weefstoel en stuur hom na donker Afrika.
- Hy roep William Carey by sy skoenmakerslees en stuur hom na die verlore miljoene in Indië.

Wat gaan jy maak met God se roepstem? Gaan jy Hom gehoorsaam en Hom volg?

Wat is jou antwoord aan Jesus?

**GEBED:** Gaan nou alleen iewers eenkant, gaan staan op jou knieë en antwood Here Jesus hardop op sy roeping na jou! Amen.